KOKANJE

# Kollig

Desember 2024 Jaartal 39
Nommer 3

## Geseënde Kersfees!




Fluit-fluit 2024 is uit!

# Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?



Dis nie altyd maklik om alleen finansiële besluite te neem nie, veral nie wanneer dit jou toekoms en dié van jou geliefdes raak nie. Gelukkig hoef jy dit nie op jou eie aan te pak nie. Dis vir Sanlam belangrik dat jou geld hard moet werk, en ons het 'n suksesrekord van saam beplan aan ons kliënte se finansiële toekoms.

Ek kan hiermee help:

- **Finansiële beplanning**
- **Ongeskiktheidsdekking**
- **Voorsiening vir aftrede**
- **Lewensdekking**
- **Spaar en Beleggings**
- **Spaar vir opvoeding**

**Kom ons begin praat oor hoe om jou geldsake met vrymoedigheid te bestuur. Kontak ons by Juksta BlouSter.**



**Jan Hendrik Jacobs**
Prinsipaal
071 895 1502



**Ben Scott**
Finansiële Beplanner
082 867 2786



**Salomé Wessels**
Finansiële Beplanner
083 371 5949



**Kaiden Barthram**
Finansiële Beplanner
0714296155



**Antionette Cloete**
Korttermynversekering
082 563 8148



**Frik Cloete**
Korttermynversekering
082 951 6278



**Chad Oosthuizen**
Korttermynversekering
076 137 8901



**Melanie Webb**
Korttermynversekering
072 559 5184

Sanlam
Lewe met sekerheid

Finansiële Beplanning | Aftrede | Versekering | Gesondheid | Beleggings | Welvaart | Krediet

Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Lewensversekeraar, Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer (NCRCP43)

# DIE PRINS VAN "SHALOM" (VREDE) IS GEBORE!




**GEEN STOKKIESDRAAIERY...**

Daar word vertel van 'n vader wat sy 4 jong seuns 'n lewensles wou leer. Hy het vir elkeen 2 stewige stokke gegee en gesê die stokke verteenwoordig hulle swakheid en sterkte. Hy het voor elkeen gaan staan en hulle om die beurt gevra om een stok in sy hand te plaas. Met groot gemak het hy elke keer die enkele stok in 2 of meer stukke gebreek.

Daarna het hy elkeen se oorblywende stok gevra – die 4 stokke saam kon hy glad nie breek nie.

**Die Vader se les:** ***"Staan in Liefde en Vrede saam gedurende julle lewens en julle sal veel kan vermag!"***

**Deur Gehoorsaamheid en Samewerking in Kokanje het ons:**

1. **Covid-19** se lewensgevare te bowe gekom;
2. **Beurtkrag** se ergste knyptangtye deurstaan;
3. al baie erge **Droogtes en Waterbeperkings** oorleef;
4. Gemeenskapsbande onwrikbaar sterk geword gedurende **siekte en gesondheid, vreugde en rouperiodes**;
5. berus by die erge **Kouevlaag** en **Hael** wat ons tuine soveel skade aangedoen het;
6. saam gebid tydens die onlangse gevaar van die verwoestende **Brande** rondom Kokanje;
7. (saam met die persone wat ons gekies het om as Wyse Manne en Vroue op te tree as touleiers d.m.v. die Bestuurskomitee- en Uitvoerende Bestuurders oor die jare) die Kokanje-wa ingespan, in gelid getrek en menigmaal **deur die drif** getrek!

**Ons leuse is as't ware:**

*"If you are going through hell, keep going (in order to get through the situation, to the other side where things are already improving)."*

**Wie wil saam speel en werk? Haak maar aan** by die verskillende Klubs en Komitees waar elkeen se hulp benodig word en u daaglikse samewerking die Kokanje-wiele geolie hou! Lees verder oor die Finansies-, Strategiese en Sport-en-Ontspannings en Dienste Komitees en die menigte funksies wat die afgelope 4 maande plaasgevind het.

**'n Vreugde- en Vredevolle Kersgety en 2025 word u elkeen toegebid!**

**"SHALOM!"**

**Rita Noeth.**



## ARTIKELS I.V.M. PORTEFEULJES:

**FINANSIES- EN STRATEGIESE KOMITEES (FIN- EN STRATKOM)**
Bladsy **18** tot **21**.
Jan Delport



**KOMMUNIKASIE EN REKLAME (KOMREK) EN SPORT EN ONTSPANNING EN DIENSTE KOMITEE (SOD)**
Bladsy **22** tot **23**.
Gerhard Keyter & Charl Stander





**VRYWARING**

Die Kokanje Raad of die Administrasie of die Redaksie van ***KOLLIG*** onderskryf nie noodwendig menings wat deur medewerkers uitgespreek word nie. Die Redaksie betaal nie vir artikels of enige bydraes nie en skrywers behou hul kopiereg, terwyl die Redaksie die reg behou om alle artikels en briewe te verkort, te versorg en vir plasing te oorweeg, ofskoon gepoog sal word om die strekking van die inhoud so noukeurig as moontlik te hou. Hou dus u bydraes kort en bondig, asseblief. Hierdie vrywaring geld ook vir advertensies.

**Elektroniese artikels na: ritanic2@gmail.com** en **WhatsApp 083 307-1446.**
**KOKANJE-AFTREEOORD, Nylstroom (Modimolle), Limpopo, Suid-Afrika.**
(GPS: 24,68°S 28,38°O) **Tel: (014) 715-2030/1/2/3. Kokanjeaftreeoord.co.za/kollig-nuusblad**

# KERSFEES IS VERAL 'N TYD VAN... *EERBETOON* AAN JESUS, DIE CHRISTUS



Wanneer 'n mens aan Kersfees dink, is die woord ***eer*** of sy sinoniem, ***hulde***, nie die eerste gedagte wat by 'n mens opkom óf wat mens met Kersfees assosieer nie. Die woord ***eer*** dui mos op die agting of aansien wat 'n persoon geniet of wat hom of haar toekom. In Afrikaans is daar 'n hele aantal woorde wat ***eer*** as kernelement bevat en wat in samehang met die woord ***eer*** gebruik word. Dink maar aan woorde soos, ***eerbewys, eerbetoon*** en ***eerbiedwaardig*** om net 'n paar te noem. Dus, wanneer daar gesê word dat iemand ***eerbiedwaardig*** is, beteken dit dat dit iemand is aan wie ***agting/eer*** toekom en wat dus verdien om vereer te word en daarom is dit gepas dat ***eerbewyse*** aan so 'n persoon gegee word.

Gedurende Bybelse tye het gemeenskappe van die Midde-Ooste alle menslike handelinge volgens 'n ***eer-en-skande*** denkpatroon beoordeel. Volgens hierdie kultuurdenkskema is die optrede van 'n persoon of 'n gemeenskap daaraan gemeet of dit bydra tot die ***eer*** van 'n persoon of die gemeenskap, aldan nie. Elke handeling kan dus óf iemand se ***eer*** verhoog óf dit kan tot iemand se ***skande*** strek. In 'n samelewing waarin die ***eer-en-skande*** denkpatroon van toepassing is, is die voorkeuropsie natuurlik om só op te tree dat jou ***eer*** verhoog kan word en dat dit wat tot jou skande aanleiding kan gee, vermy behoort te word.

Wanneer die bekende en aangrypende Kersverhaal in Matteus 2:1-12 teen hierdie denkraamwerk gelees word, kom interessante insigte na vore. Dit is 'n verhaal wat rondom 2 kontrasterende ontmoetings met 2 konings gekonstrueer word. Omdat hierdie verhaal hom tot allerlei fantasieë kan leen, is dit belangrik om te konsentreer op die kernwaarheid wat hierdie verhaal na vore wil bring. 3 keer, in verse 2, 8 en 11, kom die frase ***om eer aan Hom (die kindjie Jesus) te bewys,*** voor. Die bedoeling van die ***eerbewys*** en die wyse waarop dit gedoen is, word deur 2 groepe mense, die Sterrekykers en Herodes die Grote en sy hofhouding, geïllustreer.

• Sterrekykers/kenners in die Ooste, het gedurende hulle bestudering van die hemelruim, 'n nuwe ster ontdek óf daarvan bewus geraak; 'n ster wat hulle nog nooit tevore gesien het nie. Die verskyning en voorkoms van hierdie ster oortuig hulle dat dit 'n teken is van 'n buitengewone gebeurtenis op aarde – iets wat verband hou met die geboorte van 'n baie spesiale mens, soos 'n **Koning**. Want wie of wat anders sal so ***eerbiedwaardig*** wees dat 'n hemelliggaam sy geboorte aankondig of bevestig?

Die Sterrekykers is só beïndruk dat hulle hierdie ster op 'n lang reis volg om ***eer/hulde*** aan dié persoon te gaan betoon – dié persoon wie se geboorte met die tot-nog-toe onbekende ster se verskyning, saamgeval het. Die ster lei hulle weswaarts na Jerusalem in Judea, en toe weer, nadat hulle inligting in Jerusalem ingewin het, suidwaarts na Betlehem in Efrata. Die ster wat voor hulle uitbeweeg het, het uiteindelik in die klein dorpie Betlehem bokant 'n huis gaan staan.

Toe die Sterrekykers dit sien, was hulle **uitermatig bly**. Nadat hulle die huis binnegegaan het, het hulle die Kindjie by sy moeder gevind, voor hom gekniel en ***hulde/eer aan Hom bewys*** en daarna geskenke aan hom gegee. Die Sterrekykers se geskenke was nie bloot uit welwillendheid nie, maar was die tasbare resultaat van 'n uitgesproke behoefte om aan hierdie onbekende Koning ***hulde of eer*** **te betoon**.

• In teenstelling met die **ongekende vreugde** wat die Sterrekykers ervaar wanneer hulle die Kindjie Jesus vind, is Herodes en die hele Jerusalem saam met hom, **erg ontsteld** wanneer hulle van die Kindjie se geboorte hoor. Herodes se ontsteltenis is daarin geleë dat hier nou 'n moontlike mededinger vir sy koningskap van Judea is, 'n koningskap wat hy danksy die Romeinse Senaat op advies van Antonius en Augustus verkry het.

Ewe vroom ontmoet hy die Sterrekykers in die geheim en stuur hulle na Betlehem met die opdrag om hom te laat weet as hulle die Kindjie gevind het sodat **hy ook aan hom *hulde* kan gaan bewys.**

## KERSFEES IS VERAL 'N TYD VAN... *EERBETOON* AAN JESUS, DIE CHRISTUS (vervolg)

Dat Herodes nie eerlik was met sy beloofde ***eer***betoon nie, blyk uit die feit dat hy genadeloos enige moontlike of gewaande mededingers om sy troon laat vermoor het. Uit historiese bronne weet ons selfs sy eerste vrou Mariamne en haar kinders is as moontlike mededingers om sy troon uit die weg geruim. Sy ware planne met die Kindjie word bevestig deur die kindermoord wat in Matteus 2:16 -18 beskryf word. Daarom het God die Sterrekykers in 'n droom gewaarsku om nie na Herodes terug te gaan nie (vers 12). As ons die ***eer-en-skande-skema*** op hierdie verhaal toepas, sien ons dit gaan om die **ee**r wat die Kindjie Jesus waardig is en die ***eerbewyse*** waarop Hy geregtig is. Die Sterrekykers bring aan hom hierdie ***eer*** en bewys dat hulle ***eerbiedig is***, terwyl Herodes ***oneerlik*** is, skandalig optree en daarom ***eerloos*** is.

**Die vraag wat die verhaal van Jesus se geboorte aan ons stel, is nou:**

Hoe tree ons gedurende Kersfees op en hoe vier ons Kersfees? Bring ons ***eer en hulde aan Jesus*** – deur ons dade en denke, of vier ons 'n Kersfees waarin ons ***eie eer*** voorop staan, 'n Kersfees sonder ***verering*** van die Kindjie wat as Koning van die wêreld gebore is?

**Maleagi 1:6**
'n Seun ***eer*** sy vader
en 'n slaaf sy eienaar.
As Ek dan 'n vader is,waar is
die ***eer*** wat my toekom?
En as Ek Here is, waar is die
***eerbied*** vir my dan?

**Geseënde Kersfees!**

**Henk Potgieter**





## 'N NUWE GEDIG VIR KERSFEES

Vandag is Bethlehem
'n oorlogsveld.
Sy stegies leeg en stil,
maar tog het Bethlehem
se stal,
'n staanplek in elke hart
gevind.
Ons hoor vanuit
die Ewigheid,
steeds Engelkore sing.
Die ster,
nog net so helder,
met die Heil'ge Gees se Lig.
Die wyses met geskenke,
en skaapwagters, nou stom,
want die wierook van
verlossing,
lê die hele wêreld vol.
Die goud van God se liefde
uit die wyse man se sak,
plaas die Kripkind
in ons harte,
om daagliks uit te pak.
Mirre uit ons hart se stal,
kom van 'n boom se bas
Sodat jy en ek onthou
om Sy Skepping op te pas.
Mag die Karos
van God se Vrede
Dié Kerstyd om ons vou
sodat God se Kersfeeskind
se Krip en Kruis en Redding
na ons aardse bitter pad
Ons na die Groter
Vrede vat.

**Rien Joubert**






**PRETORIA OOGINSTITUUT**

**PRETORIA EYE INSTITUTE**


# Dr Johann Grobbelaar

Oogspesialis / Eye specialist

*Nylstroom besoeke elke 2e week*
*by Dr M Veldman se kamers*

**Afsprake:** 012-3438333 / 5
**Adres:** Thabo Mbeki rylaan nr.39

# KERS- EN NUWEJAARSWENSE VAN: DIE VOORSITTER, HENNIE LACOCK



Nog 'n dag, nog 'n week, nog 'n maand en nog 'n jaar nader aan nog 'n Kersgety! Daardie gety wat ons graag saam met geliefdes deel, maar bowenal die gety wat ons herinner aan Christus se groot liefde vir elkeen van ons. Wanneer stil word net so anders is as al die ander stilworde: So asof Sy liefde en vrede net meer tasbaar, meer intens en meer persoonlik ervaar word.

**Dankie Here vir U grootheid en genade!**

My wens aan elkeen van ons Inwoners is dat hierdie Kersgety ook vir u een sal wees van liefde, vrede, baie seën en goeie gesondheid. Geniet hierdie tydjie en weet dat die sagte glimlag van ons Heer ook op elkeen gevestig is.

'n Jaareinde het egter ook 'n ander perspektief. Dit is 'n tyd van reflekteer oor die jaar wat verby is, en 'n tyd om te projekteer oor wat in die nuwe jaar wat voorlê verwag kan word.

Oor wat die jaar van 2024 vir Kokanje beteken het, sal ek DV in Maart in my jaarverslag berig.

Sonder om in besonderhede in te gaan, is ek van mening dat 2025 gekenmerk gaan word as die jaar van aanpassing en voorsorg – aanpassing by veranderende lewensomstandighede, vernuwende




tegnologie, meer tydsgebonde verwagtinge en pro-aktiewe denke.

Wat voorsorg betref sal daar strategies en innoverend gekyk moet word na volhoubare energiebronne, volhoubare lewensnoodsaaklike kommoditeite soos voedsel en water, en 'n veranderlike politieke bestel.

**Die Raad is gereed vir hierdie uitdagings!**

Enjoy the festive season, and may everyone enter the new year with fully charged batteries!

# EN OOK VAN: DIE UITVOERENDE BESTUURDER

2024 met al sy geleenthede snel tot 'n einde, en dit is hier dat ek dankbaar is vir elke geleentheid wat herken is, wat beproef is en wat deurgevoer is. Ek kan tog nie help om bekommerd te wees oor die geleenthede wat nie geëien is nie en daarom nie beproef en deurgevoer kon word nie. Die gemoedsrus lê wel in die feit dat 2025 se geleenthede op die horison blink en dat ons weer die geleentheid sal hê om dit aan te gryp en deur te voer, tot voordeel van Kokanje!

Met my 3de Feesseisoen as deel van Kokanje raak ek net meer bewus van hierdie Aftreeoord van Uitnemendheid waarin ons 'n voorreg het om te leef, met:

- Uitnemende bestuurstrukture met platforms en kanale waar lede direk betrokke is by die ontwikkeling, instandhouding, bestuur en volhoubaarheid van Kokanje. Hier waar 'n magdom kennis en ervaring tot voordeel van die Oord aangewend kan word.

- Uitnemende gemeenskap waar 'n unieke kultuur van saamwoon, -werk en omgee geskep is. Hierdie gemeenskap met al die klubs en verenigings wat van Kokanje die lushof maak wat dit is. Hierdie lushof waar elke Lid (Inwoner) aktief 'n aftreedroom in gemoedsrus kan uitleef.

- Uitnemende infrastruktuur wat kundig oor tyd ontwikkel en instandgehou word sodat daar verseker kan word om aan elke behoefte van die Kokanje-gemeenskap te voorsien. Hierdie infrastruktuur wat ons gemoedsrus gee om voluit te leef terwyl ons geliefdes soms ver en onbereikbaar is.

- Uitnemende omgewing waar die Bosveld ons knus koester met sy natuurprag en ryk dierelewe. Hierdie omgewing waar winters matig is en somernagte sielsverkwikkend wink.

- Hierdie Uitnemende Kokanje-omgewing waar ons veilig en rustig die jaar kan deursien en vol afwagting uitsien na die volgende 365 dae van geleenthede vir ons Aftreeoord van Uitnemendheid!

**Andries Visagie**









# Pikkie Meubelvervoer

Sedert 1975. **LANDSWYD**



**Bestuur self en toesig vir u gemoedsrus**

**Geregistreerde vervoer met TOE meubelwa**

Opberging en versekering

**Tel: 014 717 3101 of 082 557 0511**

**Strydomstr. 4, Modimolle (Nylstroom)**

**Naaimasjien en Omkapmasjien Hersteldiens**

**Diens en Herstel van alle fabrikate teen die beste pryse**

ONS DIENS:

- Kokanje
- Koro Creek
- Bosveldsig


Chris De Wet & Seuns

**Dalene: 082 213 5111**

# PAULA NIENABER SE KERSFEESBOODSKAP AAN ELKEEN

**SIELSKALENDER – LIZETTE MURRAY**
Vier elke dag die simboliek van Jesus se geboorte in Bethlehem.
Bethlehem beteken **"Huis van Brood".**

**MAANDAG – Brood van die lewe.**
God se Woord is jou brood; daarsonder het jy nie geestesenergie nie. Eet dit. Elke dag. Moenie jou stiltetyd afskeep of uitstel tot môre nie. Sonder tyd af saam met Hom. Maak ook oral in jou dag stilwordtydjies.



**DINSDAG – Soos 'n koringkorrel.**
Strooi koringkorrels tussen watte in 'n piering; sit dit op 'n sonnige vensterbank neer en hou dit klam.
Dink aan Jesus wat gebore is om vir ons te sterf – sodat Hy vir ons 'n nuwe, Ewige Lewe kan gee.
Bid dat God jou bereid sal maak om te sterf aan jouself sodat jy kan ontkiem, vrug dra en iets vir ander beteken.

**WOENSDAG – Gebreekte brood.**
Brood wat heel bly, het geen nut nie. Wees bereid dat God jou breek sodat jy tot seën vir ander kan wees.
Vergeet van jou ego en eie gerief. Word diensbaar.
Doen moeite met jou bure.
Reik saam met 'n diensgroep uit na 'n gemeenskap wat swaarkry.


**DONDERDAG – Wees suurdeeg.**
'n Klein bietjie laat 'n brood rys.
Maak 'n verskil – net daar waar jy woon en werk.
Suurdeeg werk in stilte. Onopsigtelik.
God wil hê dat jy in jou daaglikse omgang met mense Sy liefde sal deel.
Groet met 'n glimlag.
Gesels met iemand in die hysbak.
Kyk jou kind in die oë.

**VRYDAG – Breek saam brood.**
Die eerste Christene het hul maaltye gedeel. Ook hul geloof.
Maak tyd vir geloofsvriende. Deel jul aandkos een maal per week.
Deel terselfdertyd geestelike kos met mekaar.
Bid vir mekaar. Versterk mekaar.

**SATERDAG – Werp jou brood op die water.**
Doen iets goeds sonder om iets terug te verwag. Dien daar waar niemand jou sien nie.
Neem jou huishulp op 'n reëndag taxi-halte toe.
Pak toebroodjies in vir 'n honger persoon by die taxi-halte.
Gee 'n Kersbederf vir die sekuriteitswag(te) by die hek voor jy met vakansie gaan.

**SONDAG – Eet, dat jy kan leef!**
Dink aan die woorde waarmee Jesus aan die einde van Sy lewe die Nagmaal ingestel het.
***"Dit is my Liggaam wat vir julle gegee word..."***
**Bid die gebed:**
**"U is die Brood wat my steeds elke dag voed."**
Neem brode na 'n nagskuiling: Plak op elkeen die teksvers:

**"JESUS is die Lewensbrood."**










# BEDANKINGS DEUR DIE REDAKSIE

Die volgende persone word hartlik bedank vir **HULP** en **KUNDIGHEID** om die Kersfees-***KOLLIG*** voor te berei:

**Keuring:** Rita Noeth.
**Taal-versorging:** Fritz Wolff en Annette van Dyk.
**Proeflees:** Hannetjie Boshoff.
**Bladuitleg:** Rita Noeth, Leonie du Plessis en Sharon Healey.
**Produksie:** Rita Noeth.
**Kleurcollages:** Rita Noeth en Hetta Uys.
**Voorblad-foto:** Elma Venter.
**Ander foto's:** Persone wat artikels ingestuur het/ klublede, Cobus Potgieter, Pieter Matthyser en Rita Noeth.
**Tikwerk:** Paula Nienaber, Tina Brits, Anneke du Plessis en Rita Noeth.
**Nuwe Intrekker onderhoude:** Rina Lüneburg en Marthie Olivier.

**Hartlike dank aan ons Adverteerders – sonder julle advertensiefooie sou die *KOLLIG* onbekostigbaar gewees het!**

**Pieter Knoetze, Marinda en Venter van der Westhuizen en Roelof Burger het as Advertensiewerwers en Tesourier opgetree. Postnet was verantwoordelik vir die ontwerp van nuwe advertensies of die redigering en versorging van bestaande advertensies.**

**Ons bedank Kokanje-Inwoners wat verskeie bladsye teen R50 elk geborg het – ons waardeer dit baie!**

**Ons nooi almal hiermee uit om ons te nader om in die toekoms ook bladsye in die *KOLLIG* te borg.**

**Roelof Burger.**

**Die Redaksie van *KOLLIG* bedank al die Kokanje-Inwoners wat die pragtigste artikels en gediggies ingestuur het.**

## ***KOLLIG***-KLEINADVERTENSIES/***KOLLIG***-SMALLS


***A. Isolerende Kooksak***
**Linda Sprenger**, Huis 49D.
(014) 715-2150 of 083 506-9322.



***B. MORINGA PRODUKTE (Olie, poeier en kapsules)***
baie billike pryse:
**Erina Lombard**, Huis 30C.
083 452-2091
014 715-2663.




***C. Cosmetic treatments***
**Annette Nortje**:
Salon Juenesse @ Kokanje.
45C Sering street.
083 438-3336.




***D. Manshaarkappers***
**1. Dietloff Bredenkamp**,
Mispelstraat 21C.
082 415-3729.
**2. Wensel du Plessis** 34E
072 212-7189.
**Kan ook hare by u huis sny.**

1.


2.


***E. Skerpmaak van messe en skêre.*** Krav-klasse.
**Frik Grobler,**
Huis 90B.
083 452-1836.



***F. Maak van nuwe en herstel van bestaande Loodglaslampskerms en bedlampies.***
**Peet Marx,**
Huis 89B.
083 286-9322.



***G.* Gedroogde mangosnippers en strokies: R160 p/kg. en macadamianeute: R190 p/kg.**
**Chrissie Pretorius**
Huis 39C
083 699-5978.



***H. Algemene Nutsmanne:***

**Kobus Pretorius** 082 458-3423
**Johan (JP) vd Merwe** 081 438-7148
**Peet Saayman** 082 532-9041.



**ONTHOU:**

Indien u iets wil **adverteer** in die Kleinadvertensies, of hulp aanbied as Nutspersoon (dit is **GRATIS**), kontak **Rita Noeth.** W/A: 083 307-1446.

Handgeskrewe **artikels en gedigte** kan in die ***KOLLIG***-mandjie geplaas word – onder die posvakkies, voor Rita Deck se kantoor, of E-pos getikte artikels, gedigte en foto's na **ritanic2@gmail.com**

Bladsy geborg deur **Chrissie Pretorius**. Baie dankie, Redaksie.


Country Shop
Lilies & Limes
COUNTRY SHOP & FARM KITCHEN
Farm Kitchen
Lilies & Limes is nestled in a charming outdoor setting. Our restaurant offers a tranquil escape where you can savor homemade meals crafted with love and care.
It's the perfect spot to relax and indulge in delicious goodies, from freshly baked treats to hearty dishes.
Take a stroll to our country shop, brimming with handcrafted goods and homemade delights that capture the essence of comfort and tradition.
Come for the flavors, stay for the serenity!
Monday-Sunday 8h00 - 17h00 / Cindy 072 341 6117
Only 6 km from Modimolle / R33 towards Vaalwater
Free WIFI / Licenced to sell Alcohol


Wishy Washy
LAUNDRY SERVICES
DROP OFF & COLLECT
For more info contact
wishywashynyl@gmail.com
062 191 4174
Kerkstraat 105 Modimolle
Nuwe afgee punt
met toeganklike parkering
Kokanje inwoner promosie
Was, Droog en Stryk slegs R28.50 per kg
Komberse en Linne 10% afslag op dienste
Nuwe Versorgings Eenheid pasiente
eerste twee maande 50% korting op dienste
Gratis optel / aflewering daagliks vir
Kokanje inwoners
T & V's Geldig

PSG Wealth

# Modimolle




**Ons dienste sluit in**

- Beleggings
- Aandelemakelary
- Portefeuljebestuur
- Testamente en Trusts
- Finansiële beplanning

**Kontak ons vir gespesialiseerde finansiële- en beleggingsadvies**



**Jan De Villiers CSb(SA), CAIA®**
**Welvaartbestuurder : Sekuriteite**
Jan.DeVilliers@psg.co.za
+27 (72) 458 5126



**Angelique Bonnette**
**Administratiewe Assistent**
Bonnette.Angelique@psg.co.za
+27 (76) 452 3976



**Wico Strydom CFP®**
**Welvaart Adviseur**
Strydom.Wico@psg.co.za
+27 (83) 712 0302


**Modimolle | 98 Thabo Mbeki road, Modimolle**
**S +27 (14) 717 1036**
**psg.co.za**

PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer. RFD 728

# BIBLIOTEEK – BOEKEDAG

































SUPPLIER OF QUALITY MEDICAL GOODS
FOR YOUR EVERY NEED
EDNA
Mediese Verspreiders
Medical Distributors
WHEELCHAIRS
ADULT DIAPERS
ROLLATORS
MEDICAL DEVICES
OXYGEN PRODUCTS
012 335 8104
581 Frederika Str,
Gezina, Pretoria www.edna.co.za
Medwell SA
EGOSAN




HOBBS MEAT co
★ Trusted Quality ★
Gratis aflewering weekliks by Kokanje Aftreeoord.
Hobbs Meat is ñ familie slaghuis wat vir die afgelope 13 jaar
Top Kwaliteit Vleis aan die Waterberg Gemeenskap bied.
Ons bied vars produkte Direk van die Boer af.
BESOEK ONS WEBWERF OF GESÊLS MET ANGELIQUE:
BESTEL NOU!
066 248 6868
orders@hobbs.co.za
www.hobbs.co.za




Status Begrafnisdienste Internasionaal is trots om ons gemeenskap te ondersteun deur 'n Goue Standaard Diens in Begrafnissorg te bied.

Ons sorgsame en professionele personeel is hier, om u op hierdie reis te ondersteun.

Ons jarelange ondervinding verseker dat ons u al die pad bystaan en lei, en ons sorg vir al die nodige reëlings wat u toelaat om tyd saam met u familie en vriende te spandeer gedurende hierdie hartseer tyd.

Ons bied 'n wye verskeidenheid van begrafnis/verassings opsies om in al u behoeftes te voorsien en in u begroting te pas.

Joe Slovo Straat 46 - Modimolle 0510
066 384 4033 • 072 256 4519
014 717 1808

NFDA FIAT IFTA GBA

www.colfunerals.co.za


oasis
Water Exchange
Rent a water cooler dispenser for only ZAR 399.00
per month. 100L water included per month.
water
for living better
071 361 8073
Cnr. Nelson Mandela/Pretorius Str.
Old ABSA Building, Modimolle

# ONS PRAGTIGE VOORBLADFOTO: NAGMUSIEK

Hierdie foto is in Oktober op die TV in die Voorportaal vertoon saam met ander inskrywings van die DigiFotoklub-lede. Dit het onmiddellik my aandag getrek, want ek was juis besig om iets treffends vir die voorblad van die Kersfees-***KOLLIG*** te soek...

Ek het Elma Venter dadelik genader en haar toestemming gevra om die foto te plaas en ook om my meer besonderhede te gee aangaande die foto.

**Rita Noeth**



## Elma Venter vertel:



Ek het hierdie Kerslig-foto 'n paar jaar gelede geneem en dit in 2020 ingestuur vir die plaaslike VLU-tak se "Stillewe"-kompetisie. Met dié foto het ek die takkompetisie gewen en deurgegaan na die Streek. Daar het die beoordelaars ook goeie punte gegee en ek het 'n pragtige groot gegraveerde opskeplepel op 'n Streekskongres gewen!

Amateur-fotografie is vir my 'n baie lekker stokperdjie, veral hier waar ons in die Bosveld woon met die baie voëls en pragtige natuur rondom ons.

Kokanje het 'n baie entoesiastiese DigiFotoklub waarby Inwoners kan aansluit. Saam het ons klubaande waar almal se foto's vertoon word. Ons het baie pret en plesier en daar word nuwe vriendskappe gesluit!

{Hierdie pragtige foto het Elma 'n rukkie terug (by Kokanje se DigiFotoklub) 'n 2de plek besorg.

Die foto is van haar eie silwer dwarsfluit. Elma het op 60 besluit om "iets nuuts" aan te pak en sy het al by 'n paar geleenthede in Kokanje opgetree. **Red**.}

# AGTERBLAD: PRAGTIGE TUIN VAN DIE DREYERS



Ten spyte van die erge koue hierdie Winter het die tuin van Piet en Hettie Dreyer hierdie Lente behoorlik gedy!

Die Clivias was nog nooit so pragtig as juis hierdie jaar nie...

Hettie is die een met die ekstra groen vingers en sy is lief om plante in potte te plant en dan in die grond, sodat hulle nou en dan vervang kan word met nuwes. Sy gebruik "Buck Off" op haar plante om bokkievreetskade te voorkom.

Hulle takbokvarings en brumeliads (wat hang), azaleas en ander jaarlinge laat die tuin altyd so vrolik lyk en sy gebruik ook klippe en ander items tot maksimum effek.

Dit was in hulle tuin dat daar 'n rukkie gelede 'n siek Gevlekte Ooruil kom skuil het. Warwick Tarboton het kom kyk en die uil via Kranskop Dierekliniek al die pad na die "Wildlife" Hospitaal in Johannesburg gestuur. Maar, die uil was reeds te swak en het dit nie oorleef nie.





**Hou bad- en drinkbakke asseblief skoon** anders doen voëls 'n aansteeklike siekte op – **Trichomonosis**. Dit blok hulle kele en hulle kan nie hulle voedsel sluk nie.

**Piet en Hettie bly al byna 6 jaar in Kokanje en glo dat alle Wyse Manne en hulle vrouens in Kokanje moet kom aftree!**

# 1. KOKANJE SE FINANSIËLE KOMITEE (FINKOM)



**Waar pas hierdie komitee in?**
**Wat is sy doelstellings?**
**Wie is Lede van Finkom?**
**Wat doen hy?**

**Doelstellings** – Finkom het (soos alle advieskomitees) 'n reglement wat sy doelstellings, verpligtinge en werking omskryf, dit jaarliks hersien en aan die Direksie voorgelê.

**Die hooffokus is strategies** – om te verseker dat Kokanje 'n finansieel volhoubare aftree-oord sal bly. Die totale bedryf van Kokanje is afhanklik van voldoende finansiële hulpbronne. ***Finkom is dié advieskomitee wat deur die begrotingsproses 'n direkte rol in al die ander advieskomitees speel.***

**Verantwoordelikheid** – Finkom is verantwoordelik vir die:

• Instandhouding van die finansiële beleid.

• Ontwikkeling en daarstel van 'n begroting wat die langtermyn strategie van Kokanje-Aftreeoord ondersteun.

• Monitering van die inkomste en uitgawes teen die aanvaarde begroting.

• Die vasstelling van lewensreg pryse.

• Beleggingsbeleid om voorsiening te maak vir toekomstige kontantvloei behoeftes.

• Verslaggewing aan lede d.m.v. eksterne ouditverslae. Monitering, rapportering en vermyding van finansiële risiko's.

**Wie is lede van Finkom?**
2 Direkteure/BK lede word aangewys as Voorsitter en Onder voorsitter van die komitee. Lede (Inwoners) stel hulself beskikbaar om op die komitee te dien vir 1 jaar. Die huidige (2024/5) komitee bestaan uit 6 Inwoners en 2 voorsitters van ander komitees. (10 lede).

***Ons is bevoorreg om kundige mense op Finkom te hê wat verseker dat Kokanje se finansies baie goed bestuur word.***

Die Uitvoerende Bestuurder, Bestuurder Finansies en die Bemarkingsbestuurder woon ook alle vergaderings by.

**Wat doen Finkom?**
Die Kokanje-Begroting – die opstel van 'n begroting is een van die grootste take van Finkom.

Ons benadering is om te begin met die begrote inkomste. Heffings is by verre die vernaamste bron van inkomste, gevolg deur rente en huur. Die verbruikersprys indeks (VPI) word gebruik om heffing aanpassings te bepaal.

Uitgawe behoeftes is altyd baie meer as beskikbare fondse en daar word eerste begroot vir die normale bedryfsuitgawes soos bv. Voedsel, Herstel- en Skoonmaakdienste, Sekuriteit, Salarisse, ens. – gebaseer op historiese data en verwagte prys en volume aanpassings.

Oorskot inkomste is dan beskikbaar vir projekte en ander eenmalige uitgawes. Dit is dus baie duidelik vir Lede welke projekte ons kan doen uit normale inkomste en welke projekte uit beleggings gedoen word.

Die lang Kokanje-begrotingstydlyn begin in Oktober en eindig 31 Maart met 'n goedgekeurde begroting. (Meer inligting i.v.m. die tydlyn kan aangevra word.)

Die aantal weergawes van die begroting wissel jaarliks – vir 2025 8 teenoor 13 die vorige jaar. Die harde werk, akkuraatheid en tydigheid van die inligting verskaf deur die Finansiële Bestuurder moet uitgesonder word – daar is so baie veranderlikes en onbekendes met die opstel van 'n begroting, verder bemoeilik omdat die proses reeds 6 maande voor goedkeuring begin.

**Maandelikse verslae en monitering deur die Finansiële Bestuurder:**
'n Inkomstestaat vir die Kokanje MSW en -Aftreeoord Bestuursvereniging word bespreek en ontleed. Finansiële state wys baie gereeld potensiële probleme uit waarvan die oorsaak onder beheer is van ander advieskomitees – hulle voorsitters is ook deel van Finkom.

## 1. KOKANJE SE FINANSIËLE KOMITEE (FINKOM) (Vervolg.)

Afwykings van begroting word deeglik ontleed. Verskeie besparings is die afgelope jaar in samewerking met ander komitees bewerkstellig.

'n Gekonsolideerde Inkomste- en Uitgawestaat sowel as Balansstaat met aanbevelings word elke maand aan die Direksie/BK voorgelê vir oorweging.

Verder word 'n Sleutelaanwyserverslag ook aan die Direksie/BK voorgelê – in wese 'n opsomming van ons risiko aanduiders. (Bevat inligting van 'n groot aantal verslae wat dit moontlik maak om potensiële probleme te identifiseer – het 'n soortgelyke funksie as jou motor se instrumentpaneel.)

Jaarliks word ons state deur 'n eksterne ouditeur nagegaan en Kokanje het nooit 'n gekwalifiseerde oudit verslag gehad nie. Die ouditeur vermeld dat dit een van sy maklikste oudits is omdat alle inligting geredelik beskikbaar is – 'n verdere teken dat ons administrasie baie gesond is.

Finkom het begrip vir vrae wat ontstaan omdat Lede nie altyd toegang het tot al die feite/agtergrond van 'n vraagstuk nie. Skriftelike navrae sal te alle tye aandag geniet binne die raamwerk van aanvaarde etiek.

**U kan verseker wees dat alle aanbevelings en besluite wel-deurdag en met integriteit geneem word, tot voordeel van alle Inwoners!**

**Jan Delport**

## 2. KOKANJE SE STRATEGIESE KOMITEE (STRATKOM)

Stratkom is verantwoordelik vir die ontwikkeling en instandhouding van 'n Strategiese Plan vir Kokanje. Strategiese planne help maatskappye om gefokus te bly, hulpbronne doeltreffend te gebruik, risiko's te bestuur en langtermyn sukses te behaal terwyl hulle deur komplekse besigheidsomgewings beweeg.

**Kokanje se visie:**
*"Om op die voorpunt te bly met die verskaffing van Lewensreg as model vir senior lede van die Suid-Afrikaanse gemeenskap ten opsigte van 'n Kwaliteit Leefstyl, Gesonde Omgewing en Versorgingsprogramme met Kokanje as Eerste Keuse vir Aftrede."*

**Ons missie:**
"Die Verskaffing van Volledige Woon- en Sorgfasiliteite vir Afgetrede Persone in 'n Veilige, Natuurlike Bosveldomgewing."

Om hierdie Droom 'n werklikheid te maak teen die agtergrond van voortdurende veranderinge in direksie en bestuur word 'n Strategiese Plan gebruik. Dit gee leiding en antisipeer geleenthede en bedreigings in 'n veranderlike bedryfsomgewing. Die aftreelandskap het drasties verander in die afgelope 40 jaar. Talle besighede het verdwyn omdat hulle nie betyds veranderinge raakgesien en daarop reageer het nie, bv. Kodak.

'n Strategiese plan het 'n lang tydshorison en dit verander nie elke jaar nie.

**Die Boublokke van 'n Strategiese Plan:**

**Waar is ons nou?**

Word bepaal aan die hand van 'n SWOT-analise/ontleding van Kokanje se interne sterk en swak punte, asook eksterne bedreigings en geleenthede.

**Waar wil ons wees?**

Vervat in ons Misie- en Visiestellings. **Dit is die droom wat ons nastreef.**

**Wat gaan ons keer om daar te kom?**

Bepaal dit aan die hand van 'n risiko-ontleding.


**Wat het ons nodig om daar te kom?**

Die SWOT-analise en risikoanalise saam.

Skematiese voorstelling van die elemente van die strategiese plan.



OPSOEK NA MOTORS, BAKKIES, WAENTJIES EN KARAVANE OM TE



KOOP!



AS U WIL VERKOOP KONTAK:

HENK VAN DER MERWE

082 599 6957

**Vir herstel werk en verstellings aan klere. Kontak Estelle 073 945 3527 Modimolle**



TEL: (014) 717 5175
FAKS: (014) 717 5176
SEL: 082 320 8289
E-POS: m-a-c@mweb.co.za

**Modimolle-Auto-Clinic**
**Rupertstraat 4**



Vir gehaltediens en die beste pryse, kom besoek ons gerus. Ons diens enige tipe voertuig. Opknapping van ratkaste, ewenaars, sowel as elektriese herstelwerk van aansittermotors, omsetters, lugversorgers en bedrading, asook voorbereiding vir padwaardigheidstoetse. Ons verkoop batterye teen baie goeie pryse. Ons bied 10% afslag aan pensioenarisse en sal u motor gaan haal en aflewer teen geen ekstra koste nie. Ons was en stofsuig ook u motor. Baie dankie vir u ondersteuning.

**Josef Botes**
**VERVOER**



- KLIP
- VULSEL
- TUINGROND
- SAND & STENE

Oktaanstraat 703, Industriële gebied.
NYLSTROOM
☎ 066 078 4973 Ferdie 082 889 6548
☎ 014 717 3606

## 2. KOKANJE SE STRATEGIESE KOMITEE (STRATKOM)

(Vervolg.)

**DIE PLAN IN PRAKTYK:**

Een van Kokanje se strategiese doelwitte is 'n Volhoubare Lewensreg Model.

Volhoubaarheid word verseker deur 'n 96% besettingssyfer. Uit die SWOT-analise was dit duidelik dat Kokanje se Lewensregaanbieding sterk en kompeterend is. Die mark waaraan ons verkoop en waarin ons meeding het egter baie verander – waar Kokanje een van die min aftreeoorde was wat Lewensreg aangebied het, is daar nou 'n groot aantal om van te kies en mededingers is versprei oor die hele land, wat die voornemende koper 'n geleentheid bied binne sy huidige omgewing. Om hierdie doelwit van volhoubaarheid te bereik, het ons 'n aantal strategieë ontwikkel. Een strategie is om Kokanje se Lewensreg-produk te posisioneer as

**"1ste keuse vir potensiële kopers"**

deur produk vernuwing.

Hierdie strategie word ondersteun deur 'n Gefokusde Bemarkingsplan.

Die 2de verantwoordelikheid van Stratkom is die ontwikkeling van 'n Risiko-plan om al die risiko's te identifiseer:

**"Wat gaan ons keer?"** –

beoordeel aan die hand van impak en waarskynlikheid.

Kontroles ter voorkoming word identifiseer en geïmplementeer indien nodig en op gereelde basis beoordeel vir doeltreffendheid en aangepas indien nodig.

Tyd, geld en energie word dan aan die grootste bedreigings gespandeer en planne word beraam indien die risiko wel sou plaasvind, om verliese te bekamp.

**Waterverskaffing in Kokanje:** Onvermoë om voldoende drinkwater te verskaf aan Inwoners was een van ons grootste risiko's. 'n Waterplan is saamgestel om die risiko te verminder na 'n aanvaarbare vlak, met inagneming van die beskerming van ons eie boorgate en word tans geïmplementeer. Die primêre doel is om 'n groter opgaarkapasiteit te skep, gekoppel aan 'n filtreerstelsel en geoutomatiseerde beheerstelsel.

**Verandering** ***is seker een van die grootste uitdagings vir ouerwordende Inwoners, maar dit is belangrik dat Kokanje en sy Inwoners voortdurend aanpas by die veranderende omgewing om te verseker dat ons die Droom, soos vervat in die Missie van Kokanje, verwesenlik.***

**Jan Delport**






## TREE AND SHRUB BOOK LAUNCH

Congratulations to **Warwick** and **Michèle Tarboton** and the members of their Tree Group on a magnificent book, released in Kokanje on Saturday, 23 November.

The following Kokanje-Residents (members of the Tree Group) were also present:

**Chris and Louise van Zyl,**
**Pieter and Christine Rossouw,**
**Dries de Jager** and
**Koos Kearney.**

**Linda Willemse** and **Reuben Heydenrych** supplied more information on the work and production behind the scenes.

Orders can be placed with **Michèle.**
Sel:**082 925-1025** and collected at **119F.**

**Price at Kokanje: R400.**

**It will be a unique gift for a special person or a very useful tool for yourself!**

# DIE LENTEDAGFUNKSIE – INWONERS VERWELKOM 2023/4 SE NUWE INTREKKERS

Die KOMREK-Advieskomitee (Kommunikasie en Reklame) het die funksie gereël en aangebied.

Op Saterdag, 21 September het sowat 200 Kokanje-Inwoners, waaronder 29 Nuwe Intrekkers, hulle wintersklere aangetrek en die koue Lentedag aangedurf. Die warm verwelkoming deur **Hennie Lacock** (Voorsitter van die Bestuurskomitee), die BK-Lede, **Anina Sauermann** (Bemarkingsbestuurder) en die KOMREK-Lede het gesorg vir 'n prettige en uithalergeleentheid wat die Nuwe Intrekkers gou ekstra welkom laat voel het.

Hennie se raad aan die Nuwe Intrekkers was om Kokanje (met Inwoners, Personeel, Geskiedenis, Gebruike en al) eers in die mond te neem en vir 'n rukkie rond te skommel en te proe voor dit weggesluk of uitgespu word. **Leer ken en bemin alles en almal dus met verloop van jare.**

**Gerhard Keyter** en **Roelof Burger** (Voorsitter en Ondervoorsitter van KOMREK) het 'n ogie oor al die verrigtinge gehou en veral oor die braai van die vleis. Spesiale braaipakkies is by Hunter's aangekoop vir die Nuwe Intrekkers.

**Pieter Knoetze** (KOMREK-Lid en Voorsitter van die Klank-en-Beeld-Groep) het saam met **Johan van der Hoven** (ook Lid van Klank-en-Beeld) gesorg vir lekker lewendige musiek.

Tussendeur is daar aan die Nuwe Intrekkers 'n paar algemenekennis-vragies oor Kokanje gevra deur **Rita Noeth** (KOMREK-Lid en Redakteur van ***KOLLIG)*** om geskenkbewyse te wen wat deur **Charl Stander** (Voorsitter van SOD) van Kokanje-klubs verkry is – ledegeld vir een jaar by die volgende klubs: Dames, Gimtrim, Jukskei, Linedance, Motordiens, Naaldwerk, Pluimbal, Rolbal en Voetslaan.

**Louise van Zyl** (KOMREK-Lid en persoon verantwoordelik vir die Inligting, Advertensies en Fotovertoning op die TV-skerm in die Voorportaal) en **Wilna Uys** (KOMREK-Lid/Sekretaresse) het gehelp met die algemene reëlings en die opdien van die pap en sous en die Nuwe Inwoners se braaivleis.

**Riaan Roets** se heerlike pap en tamatie-en-uiesous was heerlik! **Dankie, Riaan!**

**Santie Strydom**, **Wilmarie Leite** en **Anina Sauermann** was betrokke met die reëlings en **Karen Pienaar** het met behulp van Blitznuus almal uitgenooi na die funksie. **Baie dankie dames!**







**WELKOM NUWE INTREKKERS!**



# KOMMUNIKASIE- en REKLAME-ADVIESKOMITEE HOU FUNKSIE SAAM MET S.O.D. OM OMGEWING SE BESIGHEDE TE BEDANK VIR JARELANGE ONDERSTEUNING AAN KOKANJE SE INWONERS EN ONS *KOLLIG*

**Riaan Roets, Adré Bernhardt en die Voedseldiensspan** het die heerlikste "Charcuterie Cups" gemaak en voorsien teen 'n prys en kwaliteit wat nêrens in die dorp geëwenaar sou kon word nie! **Baie dankie!** Hulle het ook gesorg vir die pragtig versierde tafels!

Spesiale dank aan **Penny Maré** vir die gebruik van die **Damesklub** se drankglasies.

Meeste van die dorp se besighede is familiegedrewe en dit is vir ons 'n eer dat hulle ons ***KOLLIG*** gebruik om hulle organisasies, met behulp van gereelde advertensies, te bevorder.

**Ons kan 'n hele storie rondom ons adverteerders skryf:**

Wanneer nuwe Inwoners na Kokanje verhuis, maak hulle gebruik van **Pikkie Vervoer**.

Het ons vervoerprobleme of wil 'n nuwe motor of gholfkar aanskaf en versien, is **Henk van der Merwe**, **Branert We Buy and Sell, PJ Motors, Modimolle Auto Clinic, Anita se Mobiele Karwas, National Auto Glass en Emmanuel Schuttle Services** ons antwoord.

Dan begin ons tuinmaak... **Josef Botes** verskaf tuingrond en klippies, en kwekerye in die dorp die plante en tuinornamente.

**Oasis**, **Clearwater** en **Manzi** verskaf skoon, gebottelde water – teen afslagpryse!

**Jacques de Beer** en **Ecorenergy** se sonkraginstallasies het ons deur die moeilike Beurtkragsessies gehelp.

Kokanje-dames begin rondkyk vir skoene, klere, nael-/voete- en hare-versorging: **Hunky Dory, Salon Solitaire**, **Salon Kokan-Mari**, **Salon Your Hairdresser**, **Salon H** en **Foot & Bodyworx** doen die nodige. **De Wet en Seuns** diens ons Naaldwerkmasjiene en **Estelle** verstel en herstel ons klere.

Ietsie om te peusel of 'n spesiale geleentheid om te vier? Besoek gerus Kokanje se **Snoepie/Kiosk** (**Liza's)** of **Lillies & Limes** en **Hunky Dory**!

Vir vermaak/tydverdryf, of wanneer ons besoekers kry/of verblyf vir hulle benodig: **Satellite Connection**, **Megs**, **Bergkoninkryk** en **Garden Inn.**

Huisversierings/-verbeterings en gordyne vind ons by **Window & Door, De Villiers Hardeware, JC Creations** en **Decotique.**

Dan begin die ouderdom ons inhaal en moet ons gemaklike beddens kry (**Cloud 9**), brille (**George van der Hoven Oogkundige** of **Pretoria Ooginstituut** en **Specsavers**), gehoorapparate (**Matthysen Audiology** en **Specsavers**), fisioterapie (**Hannelie de Beer**) en verskeie hulpmiddels vir senior burgers (**Edna Medical**).

Ons druk boeke/digbundels en kry ons testamente, finansiële sake en huise ens. in orde: **Postnet Modimolle, PSG, Sanlam Juksta**, **Ouma's Laundry** en **Wishy-Washy**.

**Jan Luneburg** help ons om ons plase/eiendom te verkoop.

Dan, vir oulaas, raak ons van klere en huishoudelike artikels ontslae (donasies aan Kokanje se Hulpfonds/Hoekwinkel en **Ons Winkel Helpende Hand**) en verlaat Kokanje met die luukse limousines van **Doves**, **Martin's of Status**!

**Daarom:**

**BAIE DANKIE**

elke liewe Adverteerder,

dat julle altyd daar was/is

en vir julle puik diens en

ondersteuning deur die jare!

**SIEN KLEURCOLLAGE OP BLADSY 42.**

**Rita Noeth**,
namens Gerhard Keyter en KOMREK.



## CHIP CHIRRRRR...
## SHE IS BACK AGAIN!

**ROSIE** HAS BEEN SPENDING 13 SUMMER HOLIDAYS IN KOKANJE AND IS ON HUSBAND NUMBER 3!



READ ALL ABOUT THE
**WOODLANDS KINGFISHERS (BOSVELD VISVANGERS)**
AND THEIR MIGRATION.

**Google: Migration of the Woodland Kingfisher – Warwick Tarboton.**

**Die Kers-*KOLLIG* sal teen einde Desember, saam met 10 ander, op die Kokanje-Webwerf te sien wees, in volkleur.**

**Google: Kokanje-Aftreeoord, *KOLLIG* Nuusblad.**


# JC Creations

Decorators, Function Coordinators, Suppliers of Upholstery, Furniture, Home Decor, Curtains & Linen



**JOHAN ESTERHUIZEN**
081 554 6540
johane1979@gmail.com

**CHRIS DYZEL**
079 891 4309
chris.dyzel70@gmail.com

# Sculpt It
# Body & Face Spa

**OPENING 6 JANUARY 2025**
**8 STEVE TSHWETE STR**
**MODIMOLLE**
**BOOKINGS TEL.0761602462**



**Slimming Treatments**

**Don't Miss Out!**



## Hydrafacial

**NOT JUST A USUAL FACIAL BUT A SKIN REJUVENATING TREATMENT!**





## Weak Pelvic Floor?
## Urinary Incontinence?

**Regain Your Confidence with Pelvic Chair Treatments**
**30mins Equals 12000 KEGELS!**

# "THE BIRDS AND THE BEES, THE FLOWERS AND THE TREES..."

This catchy old Dean Martin song was, I'm sure, never designed to convey an ecological message to the world, and yet it does, linking plants and their flowers to insects and birds, with a hint at the role being played by the pollinators and predators that drive our ecosystems. Starting with the last-named in the ditty, here in the Waterberg we live in a world of trees, they are all around us, rich in diversity and character, and more than any other organism, they are the most defining feature of this environment.

As you drive into Kokanje past the security gate, you pass, along with a number of planted species, a dozen or so characteristic Waterberg trees* (*see footnote)*. Among them, of course, are many other trees that have been introduced, from yellowwoods to lavender trees, some faring better than others. And if you explore the different blocks of natural vegetation in Kokanje, you can find the 80 species that have been recorded as occurring naturally here, while in the wider Waterberg area the tree species list exceeds 300.

These characteristic Waterberg species have been here for a very long time, probably thousands of years, one generation replacing the previous one, all adapted to our particular climate and landscape, surviving the drought and floods, cold winters and hot summers (unlike some of our planted species), and supporting a diverse community of insects and birds. Unlike us humans, many individual trees, if they can escape fire and being chopped down, can live for hundreds of years. There is a fig tree alongside the road to Vaalwater, for example, that has a cut-off section of its trunk that exposes its growth rings and these reveal that it is at least 480 years old, so it was already a mature tree before Jan van Riebeeck arrived in the Cape. Many other large old trees in the Waterberg, especially Boekenhouts and Burkeas that I knew of when I came to spend holidays with my uncle and aunt on their farm in the Waterberg as a teenager still stand today, looking the same as they did 60-70 years ago.



And with the trees come all manner of other creatures that, one way or another, depend on them for their survival. Butterflies and moths that pollinate the flowers, and their larvae and beetles that eat the leaves, koggelmanders and geckoes that lay their eggs in hidden crevices in the bark, birds like Black-backed Puffbacks and Southern Black Tits that feed on the moth larvae, and wasps that raise young in the seedpods.





This diversity goes almost undetected unless you look for it. As an example of the diversity involved here, in the last five years a group of us have been putting on record the fauna and flora of the Waterberg (see www.waterberg-bioquest.co.za). **Would you believe that we have records of 502 species of spiders occurring here, over 700 species of moths, 140 species of butterflies and as yet an unrecorded number of bees and wasps.** So next time you walk past a tree you might think how long it has been there, what ups and downs its been through in its life and who it has provided food or shelter for during the years that it has stood there.

And lastly, trees have another role in the ecosystem that benefits us humans. Like solar panels, their leaves capture sunlight during the day and draw in carbon dioxide which is used to manufacture carbohydrates. As a bi-product they release oxygen, the very air we breathe. **One large tree, it has been stated, can provide a day's supply of oxygen for 4 people. Is that not another reason to cherish our trees and the wildlife they support?**

**Warwick Tarboton**



***Footnote***:
*Some of the trees which you'll pass on your way into Kokanje: Burkea/Wildesering, Silver Cluster-leaf/Vaalboom, Kalahari Cluster-leaf/Groenvaalboom, Corky Monkey-orange/Kurkbasklapper, Spine-leaved Monkey-orange/Stekelblaarklapper, Large-fruited Bushwillow/Raasblaar, Velvet Bushwillow/Fluweelboswilg, Peeling-bark Ochna/Lekkerbreek, African Olive/Olienhout, Weeping Wattle/Huilboom, Mountain Karee/Bergkaree, Buffalo Thorn/Blinkblaar-wag-'n-bietjie, Willow Boekenhout/Boekenhout and Violet tree/ Krinkhout.

# OOGKUNDIGE

## GEORGE VAN DER HOVEN

# *Promosie*

**Enkelvisie - R1500 | Bifokaal - R2500**

**Multifokaal - R3500**

**PLUS GRATIS LEES / SONBRIL**

Terme en Voorwaardes geld

**Bela Bela | Modimolle | Mookgophong**

# 066 517 2571

# FUN BEE AND HONEY INFORMATION

from all over the world

• A honey bee can fly up to 15 miles per hour.

• One ounce of honey would fuel a bee's flight around the world.

• A pound honey is made by 2 million flower visits. The bees fly 55,000 miles back and forth to bring that honey.

• A honey bee visits 50-100 flowers in one trip.

• Honey comb is hexagon (six-sided) shaped. The wall of comb is 2/1000 inch thick, but can support 25 times its own weight.

• Honey bees beat their wings 11,400 times per minute. This beating of wings makes the buzzing noise and cools down the hive.

• Honey bees never sleep.

• An average hive has 50,000 to 60,000 worker bees.

• The honey bee is the only insect that produces food for humans.

• Honey keeps very well. It doesn't have an expiry date. A pot of honey was found in good condition in King Tut's tomb.

• Honey is full of a variety of vitamins and essential minerals, antioxidants and amino acids.

• Eating honey is a natural way to get an energy boost. It is a mixture of simple sugars, glucose and fructose. Studies have shown that this works best in preventing fatigue and enhancing athletes' performance.

• Honey is an antimicrobial agent and can be used effectively on minor burns or scrapes. It has been shown to speed up the healing of wounds.

**EN NOG MEER FEITE!**

**Het u geweet dat:**

• een van die eerste muntstukke ter wêreld die simbool van 'n by het?

• daar lewende ensieme in heuning is? As heuning in "kontak" met 'n metaallepel kom, kan hierdie ensieme sterf. Die beste manier om met heuning te werk en te gebruik is met behulp van 'n hout- of 'n plastieklepel.

• heuning 'n stof bevat wat die brein help om beter te funksioneer? Heuning is een van die skaars kosse op aarde wat ALLEEN die menslike lewe kan onderhou. In Afrika het heuning mense van honger gered. Een lepel heuning is genoeg om die menslike lewe vir 24 uur te onderhou.

• "propolis" wat deur bye geproduseer word, een van die kragtigste natuurlike antibiotikas is? Die lyke van sommige van die wêreld se groot keisers is in goue kiste begrawe en dan met heuning bedek om verval te voorkom.

• die term "HONEYMOON" kom van die feit dat die bruid en bruidegom heuning vir vrugbaarheid na hul huwelik gebruik?

• 'n by minder as 40 dae leef, minstens 1 000 blomme besoek en minder as 'n teelepel heuning produseer? Dit is haar werk vir haar hele leeftyd!

---




## OUR HONEY GRANNY!

Etna Hattingh usually sells lovely raw honey on "Koop-en-Verkoop". She obtains it from Lichtenburg.

R170 for a tub of 1,4kg.





PJ MOTORS
AUTO SERVICE & REPAIRS

*Petrol & Diesel Vehicles and Trucks
*Engine Installations | Petrol & Diesel
*Vehicle Diagnostics
Fault Finding & Repair

Tel: 014 718 4004/3
Cell: 082 928 1088
Cell 2: 074 248 3601
Email: info@pjmotors.co.za

P.O Box 3525 | Lilian Ngoyi Str
Modimolle 0510

# BOKKIE-GEBOORTE

Presies om 06:00 op 11 September 2024 het my man die gordyne weggeskuif en daar voor ons kamervenster staan 'n duikerooitjie met haar pasgebore lammetjie! Sy is nog besig om hom droog te lek en skuif hom met haar neus na die muur waar 'n paar plante koelte sal gee en hom goed sal wegsteek.

Later, gedurende die dag, lê hy nader aan ons stoepmuurtjie en ons kan van bo af sy pragtige bokkie-oë sien en ook die goudgetinte haartjies wat tussen die grys pels uitsteek. Ons was baie verheug om in die skemerdonker die vorms van Ma en Bokkie waar te neem terwyl hy drink.



Die volgende dag is Ma tevrede met sy blyplekkie en hy is steeds daar vir ons en die bure om hom te beskou.


Maar, o wee, dis die dag dat die tuinwerker kom. Hy ontdek self die baba en neem ook 'n foto. Ons dink dinge sal rustig verloop, maar skielik hoor ek 'n bokkie aaklig skreeu. Daniël staan met hom in sy arms, want hy wil die sproeiers aansit en daarom die bokkie verskuif. Dit het mooipraat gekos om hom die bokkie net weer op dieselfde plek te laat neersit.

Ek moes uitgaan en verneem met my terugkoms: "Sy ma het hom kom haal." Ai, 'n mens voel moedeloos, maar gelukkig het sy hom nie verwerp nie. Die gesprek oor die verskil tussen die optrede van mak en wilde diere moet nog plaasvind tussen my en Daniël.

Gelukkig bly die bokkiefamilie in die omgewing en ons sien die kleintjie met sy kort beentjies heel dikwels weer na aan ons stoepmuurtjie lê.

Dis onnodig om te beklemtoon hoe hierdie gebeurtenis ons lewens opgewonde oor die natuur gemaak het en reeds verryk het!

**Laura Mouton**



# MY "JOLI-LIPS"

**John Becker** het via Claudina Meintjes ('n Toktokkie wat besig was met die CANSA-fondsinsameling) laat weet dat daar 'n rare kaktusvetplant by hom te sien is.

**John en Anna** vertel baie opgewonde van die kaktus wat 2 jaar gelede in sy tuin begin groei het. Seker 'n saadjie wat tussen sy vetplantaankope opgekom het of in die kompos of potplantgrond geskuil het. Hulle seun het gehelp Google en die plant geïdentifiseer as Mammillaria Cristata wat oorspronklik in Mexiko groei. Sommiges in die familie se vorm lyk kompleet soos die voue van die menslike brein. Hulle hou van baie warm omstandighede en direkte sonlig. Kyk en lees self meer daaroor.

Met 'n verdere inspeksie het ons tot die gevolgtrekking gekom dat John se plant tans soos Angelina Joli se gebotoksde lippe lyk.

John kyk graag Saterdae na die TV-program van Neil Sandilands, "Die Groot Niks", op kykNet.



John en Anna nooi stappers uit om 'n draai by hulle tuin (69D) te maak en na hierdie besondere plant te kyk, asook na hulle pragtige droogtebestande tuin.







# MAUREEN SE GESELSIES VANUIT DIE KE

Niemand is belowe dat alles in jou lewe sonder stamp of stoot sal verloop nie. Dit geld ook vir ons verblyf in die KE… Daar is soms negatiewe denke en trane van frustrasie. Maar, ek het gelukkig 'n eie wil en maak my eie nugter keuses. Ek kan my houding verander om sodoende positief te lewe in alle omstandighede!

Voorspoed en seën toegebid aan die Personeel met sagte harte in hierdie afdeling van Kokanje. Ons is nog hier om 'n volkome sirkel te voltooi. Die doel is soms vaag en onduidelik, maar die beloftes is legio – **soek net daarna!**

Raad aan vrouens wat so pas hulle lewensmaats verloor het: Jy gaan kardinale veranderinge ondergaan wat jou vrouwees verander en jy gaan nuwe verantwoordelikhede aanvaar wat nooit jou deel van die huwelikspakket was nie. Later, wanneer jou liggaamsfunksies stadig begin ingee, bly gebruik maak van jou breinkapasiteit en delf diep in die geestelike sy van jouself. Soek na ondersteuning en sterkte in **Jesaja 45:2 – "Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak;… En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die Here is wat jou by jou naam roep, die God van Israel."**

'n Slim man soos **Fritz Wolff** (wat altyd help om ***KOLLIG*** se taalversorging te doen) moet asseblief vir ons 'n gepaste woord uitdink wat "Dankie" meer lyf gee! Ek gaan dan met daardie nuwe woord die volgende persone bedank...

1. Na die heerlike oggendkoffie uit **Maria** se hand en die aantrekproses (skoon en vars klere van **WishyWashy** af), word die gordyne oopgetrek en die oorweldigende blommeprag buite (die 100-jarige **Hester Bester** se handewerk – haar poging om al die KE-Inwoners, Personeel en besoekers in die omtrek se lewens te verryk) vrolik ons lewens op!

2. Dan volg 'n heerlike, geurige, voedsame ontbyt wat **Riaan Roets en sy Voedseldiensspan** vir ons voorberei het. Ons geniet ook die tee en koekies deur die dag en vullende aandetebederfies.

3. Nou en dan is daar 'n interessante nuusbrokkie op Blitznuus (van **Karen Pienaar** af) om ons op hoogte van sake te hou.

4. **Liza's Kiosk** voorsien soms snoeperye (lyflike bederfies) en die dierbare **Jill Cairns** sorg daarvoor om ons op die regte geestelike spoor te hou.

5. 'n Geruime tyd gelede het ek my wind uitgeval in die teerpad en die hekwag, **Robert** het my opgehelp. 'n Vreemdeling het my opgelaai en veilig tuis besorg. Eers later het **Lonka Bergsma** my vertel dat die Barmhartige Samaritaan **Ben Schultz** was en ek is daarna aan hom voorgestel. Toe ek van Ben se pragtige Profielboodskap lees in die Augustus-***KOLLIG*** ("Kindness is the Highest Form of Intelligence") is ek weer aan hierdie voorval herinner.

Onthou – daar is baie Roberts en Benne in die lewe en hulle beweeg soos die Skim en is meestal naamloos…

6. Ek het grootgeword met 2 Pedi-persone om my en het eers op 24 September (Erfenisdag) besef hoeveel etniese groepe werklik in die KE werksaam is toe hulle met hulle pragtige en kleurvolle uitrustings en haartooisels by die werk opgedaag het – Pedi's, Venda's, Shangaans, Zulu's, ens.



7. Ek weet niks van TikTok, Facebook en Google en net 'n bietjie van WhatsApp… maar ek het my lewe volgemaak met mense wat ek ken en dinge wat ek beleef het – dit is die grootste pasella-ervarings en geskenke!

8. Ek het die Kultuurkomitee se Revue, **Briewe aan Katryn**, per rolstoel gaan bywoon en my verstom aan my tydgenote en hartsvriende se manewales! Hulle het alles met soveel oorgawe gedoen en die beeld van Kokanje helder laat skyn. Daarna is ek terug na my KE-huis waar ek rustig kon voorberei vir Droomland.

## MAUREEN SE GESELSIES VANUIT DIE KE (Vervolg.)

**Gebed:** Ons stort 'n traan van dankbaarheid en loof U vir die sinvolle lewe van ons mede-Inwoner, gentleman en omgeemens Hans van der Merwe, wat U wil gedoen het deur sy medemens met raad en daad by te staan vir die meer as 26 jaar wat hy en Hillie in Kokanje woonagtig was. (Hy het nooit "afgetree" in die ware sin van die woord nie!)


Dankie ook vir die lewens van Chris Brits, Louise Joubert en ander persone wat ons vooruitgegaan het. Amen.

**Baaaie Dankie** aan elkeen wat hierbo en op die vorige bladsy genoem is!
Elke **"Dankie"** word gebruik
om nog 'n huis in die Hemel te bou…"

**Oor die toekoms (2025):**
Die mens is geskape met verskillende karaktereienskappe – die een is die wil om te beplan. Maar, niemand kan beplan vir môre of oormôre of die toekoms nie. Dis gehul in donkerte. Jy kan wel voorberei word vir moontlike gebeure in die toekoms – maar dit lê nie alles in jou hande nie!

***Lewe jou lewe voluit en geniet dit om mens te wees!***

**Maureen Neethling**




## SIMFONIE VAN DIENSBAARHEID

Die waarde van ons naastediens
word in sy geheel
aan impak en gewig gemeet
en glad nie aan hoeveel.
Om voortdurend dus die weerklank
van ons menslikheid te peil,
nie dit wat ons gee of offer,
maar die gesindheid wat daar skuil.

Ons soek 'n simbool van waardigheid
op ons dikwels eensaam pad
en dan – die simfonie van diensbaarheid
soos die gemeenskap hande vat.
Wyl die lied dan oral luid weerklink,
kring die note steeds al wyer
met eggos van Sy skeppingsklank...
wie kan Sy diens dan weier?


Die fluite sing 'n lofgesang,
die lied van ruim omgee,
'n lied van waardig diens ontvang
en dankbaarheid daarmee.
Laat elke nag dan ruim ontkiem
voor die nuwe dag ontwaak,
weldoeners, bekend of anoniem,
ons bestaan hier te volmaak.

Uit "Herkoukos" –
**Braam Beneke**.



Baie dankie Maureen, vir al jou insiggewende, handgeskrewe briewe uit die KE wat die ***KOLLIG*** so uniek help maak!
Ons het baie meer briewe deur die jare gekry as wat ou Katryn ooit van kon droom!

**Rita Noeth**





**Maria Botha**

## MARIA "MOOIMAAK" GEE KENNIS!

Die ywerige Maria Botha het haar eie Hand-en-Voetsorgbesigheid in Kokanje begin en dit het vir ongeveer 8 jaar gefloreer!

Nadat Lorraine (Voete) Ludick na Pretoria toe verhuis het, het Maria van haar kliënte ook oorgeneem en hulle tot onlangs bedien.

Ongelukkig, as gevolg van Glaukoom in haar ogies, bedank Maria nou haar werk en neem afskeid van hierdie geliefde hartsvriendinne wat haar soveel vreugde besorg het.

**BAIE DANKIE, MARIA,**
**VIR JOU LIEFDEVOLLE SORG!**

## BRAND ONDER BEHEER...

Dit was vir die hele Kokanje 'n erg benoude aangeleentheid toe daar digte rookwolke op 30 September in die nabyheid van ons Oord sigbaar was. Die brand was aan die anderkant van die Vaalwaterpad...



Pierre Cremer (ons Bestuurder: Infra-struktuur), was die hele dag op die "gevegsfront" (vuurlyn) saam met "Working on Fire", bure en boere van Alma, Driefontein, Elandsfontein, Vaalwater en Modimolle om die brande op 5 verskillende plekke in die omgewing onder beheer te bring. Selfs mense uit die dorpe het gaan hand bysit of kos en water uitgedeel!

Pierre kon Uitvoerende Bestuurder, Andries Visagie, gedurig op hoogte hou van die rigting waarin die wind die vlamme dryf. Op hierdie manier kon Andries en Karin Pienaar Kokanje-Inwoners terugvoer gee en gerusstel via Blitznuus.

Op geen stadium was die brand so naby aan Kokanje dat ons veiligheid werklik in gedrang was nie – buitendien word die lyndraad om die Oord altyd skoongemaak en daar is ook die nodige brandbane wat in oorleg met "Working on Fire" gereeld skoongehou word.

Ons opgeleide Brandbestrydingsspan (van die Werkswinkel) wat heeldag op gereedheidsgrondslag was, het ook laatmiddag 'n draaitjie op die verskroeide en smeulende tonele aan die oorkant van die Vaalwaterpad gaan maak.

Kokanje-Inwoners is dankbaar vir die paraatheid en samewerking deur almal en dat daar geen persone beseer is nie. Ons innige meegevoel met die plaasboere wat soveel skade aan hulle eiendom en vee/wild ondervind het.



## NA DIE BRAND

2023/4 se droë somer, gevolg deur 'n koue herfs en winter het veroorsaak dat die plantegroei in die Waterberg-gebied ontsettend baie verdroog het. Verder het die erge ooste en ander winde die risiko van potensiële brande (wat baie skade kan veroorsaak) aangehelp. **So het dit toe ook gebeur!**

Daar raak velde aan die brand links en regs van die Vaalwater/Modimolle-pad want Augustus/September was wreed en warm. Tussen Vaalwater en Modimolle was die brandslaners baie besig en noodspanne is ook ingebring om huise, vee en wild te beskerm.

Maar die aanhoudende sterk winde het die mense naderhand moedeloos gehad. So baie mense het so baie verloor! **Sommiges het net die klere aan hulle liggame oorgehad...**

Op 17 Oktober ry ons terug vanaf 'n voëlklub besoek. Ons is op die R33 en draai wes op een van die plaas se dienspaaie. Alles is pikswart verbrand. Hier en daar is darem nog voëltjies, veral naby die spruit. **En, daar sien ons dit toe!** Die Boophone Disticha wat 'n kort tydjie na die branddrama begin blom het! Net langsaan was 'n miskruier besig om sy misbolletjie te begrawe vir die nuwe klein miskruiertjies wat eersdaags daardie geslag se nuwe lewe sal inlei.

So is ons lewens ook! Een dag ervaar ons erge probleme en pyn en 'n maand later is daar weer groenigheid en blomme en miskruiers net waar jy kyk. (Lag.)

**Mag jy nooit in 2025
en die toekoms
alle moed verloor nie,
want môre
is daar weer uitkoms!**







**Elsa van Wyk**

# HULDEBLYK AAN DIE KE SE PERSONEEL

Op 22 Augustus het my voet aan iets vasgehaak toe ek wou deurstap van my huis (69D) na 70D.

Ek het my linkerribbes beseer met die val op 'n tuinmuurtjie en my agterkop het 'n sny opgedoen toe my kop 'n plantpot getref het. (Die pot was flenters!)

My tuinhulp het dadelik 'n stoel gebring en my opgehelp. Hy het 'n handdoek gaan haal en my kop daarmee toegedraai.

My vrou, Anna, was in die dorp, maar ons dierbare buurvrou, Estelle Eksteen, het dadelik die KE gebel. Byna onmiddellik was daar 2 van die Verpleegpersoneel van Tuisversorging. Hulle het my kopwond ontsmet en verbind en my bebloede hemp met 'n skoon een vervang.

Ek wou nie my vrou bel en ontstel nie en die KE-dames het sommer intussen vir my 'n afspraak by dr. Veldman gemaak. Met haar terugkoms het Anna my dokter toe geneem. Sy bevinding: 'n Gebreekte rib, en 'n kopwond, wat hy met 7 steke geheg het.

My opregte dank aan die KE-Personeel vir hulle sorg, deeglikheid en simpatie. Die een het selfs die volgende dag kom hoor hoe dit nou met "Oupa" gaan.

**"Ons kan baie trots wees op ons Kokanje-Eenheid!"**

**so spog John Becker**.

John het 'n heup wat soms vashaak en dit veroorsaak soms groot verleentheid. Hy het ook rugbybeserings opgedoen en rugprobleme a.g.v. jukskeispeel deur die jare. Hy het hierdie oulike gesegde:

**"Ek wonder hoeveel soorte kruppel daar is?"**

Miskien het John maar net Sjinese siekte:
**"Yung No Mo!"** ☺

**Red.**

# SAAM OP BERGE EN IN DALE... 66 JAAR!

**Baie hartlik geluk** aan **Mike** (90) en **Kosie** (88) **Hattingh** wat op 6 Desember 2024 hulle **66ste Huweliksherdenking** gevier het.

Hulle sal op 25 Maart 2025 al 27 jaar in Kokanje wees en die laaste 2 1/2 jaar vertoef Kosie in die KE weens beendigtheidsprobleme en spierverswakking. Maar, wanneer sy sterk genoeg voel in die middag, stap sy saam met Mike by die Voorportaal se deur uit en dan gaan sit hulle rustig en gesels op een van die bankies onder die koeltebome daar buite.

Mike was 18 jaar lank op die Voetslaanklub se bestuur (ook as Voorsitter). Hy en Kosie het al letterlik die hele Suid-Afrika en 35 plekke in die Modimolle-omgewing se staproetes deurgetrap – ook saam met die Dendrologiese Vereeniging.

**Mooiloop julle tweetjies!**



# NOODNOMMERS
## MEDIES – VERSORGINGSDIENSTE

KOKANJE EENHEID VIR VERSWAKTE INWONERS: **076-457-6912**.

ONDERSTEUNINGSDIENSTE: **072 040-6133** van 06:30-18:30.

BESTUURDER OP ROEP: **076 091-0354**.

DR. C.A.S. BREEDT (Huis): **082 878-4777**.

AMBULANS: (LIFE-24)/ **072 737-5093/ 082 040-5003**.

Onthou om u Noodknoppie nou en dan te laat toets: **076 457-6912**.

# KIES REG...

Kies 'n maat
wat tot op jou
oudag
jou beste vriend
kan wees,
want vriendskap
is dié beste
grondslag
vir 'n gesonde
verhouding.



**Dit sal jou deur die moeilike tye dra.**

# DIE HULPFONDS SÊ DANKIE!

Verskeie kere die afgelope jare het ons die Hulpfonds en sy werksaamhede, in die besonder die Hoekwinkel, aan u bekend gestel. Nou, aan die einde van 2024, is dit die regte geleentheid om **DANKIE** te sê...

Ons wil graag dankie sê aan almal wat die afgelope jaar bygedra het om hierdie fonds en sy doelwitte, lewenskragtig en aktief te hou:

- Aan die Bestuur van Kokanje (die Direksie en die Uitvoerende Bestuurder) vir die geleentheid om diens te kan lewer, vir die gerieflike perseel en goedtoegeruste gebou en die bereidwilligheid om te help wanneer ons 'n logistieke probleem het.

- Aan al die mense (Inwoners van Kokanje) en instansies (klubs van Kokanje) wat maandelikse en ook eenmalige kontantskenkings gegee het, wil ons hiermee hartlik bedank.

- Baie dankie aan elkeen wat goedere en klere aan die Hoekwinkel geskenk het om sodoende ons bedryfsarm te sterk en in bedryf te hou. (Veral ook kinders van Inwoners wat huise ontruim het of ouers se eiendom afgeskaal het.)

- Aan al die vrywilligers, die Bestuur van die Hoekwinkel en al die helpers, wat sorg dat die Hoekwinkel "Oep is vir Koep"; sonder julle volgehoue toegewyde diens en tyd, sou dit nie moontlik wees nie. Baie, baie dankie daarvoor!

- Aan almal wat die Hoekwinkel en daarmee saam die Hulpfonds getrou ondersteun, sê ons graag ook baie dankie.

- Dit is my voorreg om die Bestuur van die Hulpfonds vir hulle tyd, hulle entoesiasme en vindingryke planne om steeds die Inwoners van Kokanje tot diens te wees, te bedank. Dit is lekker om met julle saam te werk.

- Ek kan nie anders as om hierdie dankwoord af te sluit met ons betuiging van innige dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader vir Sy seën op ons onderneming en al Sy werksaamhede nie.

**Met groot dank en erkenning aan u almal.**

♡

Kersfees-Seënwense.
**Henk Potgieter**.




# NUWE LIEFDE

Stil-stil saam kyk ons
hoe suikerbekkies blinkgroen
soet nektar opslurp
terwyl die Bosveld
die Groot Rooibal insluk.

Stil-stil saam ruik ons
die vars geur
van die dankbare aarde
net ná die eerste somerreën
en die grassade nog blink
as hulle wink
in die oggenddou.


Stil-stil saam luister ons
na die naguiljie
se liefdesroep
van sy beminde wat iewers ver
vanuit die velde antwoord gee.

Stil-stil saam voel ons
mekaar se deurwinterde hande
wat nog kindertroetels
en harde werk onthou
wat nog steeds warm
en gevoelvol is
met God se seën.

Saam-saam praat ons
van die ou dae,
hartseer dae,
blye dae –
goeie en slegte tye
van verlies en rou
en vertel ons nou
van 'n nuwe storie
van 'n nuwe begin,
'n nuwe toekoms saam.

Saam-saam kyk ons
vir mekaar en weet
ons altwee se lewensstrome
het inmekaar gevloei
tot 'n liefdesravryn
al langs 'n nuwe rivierloop
vol liefde, vrede en hoop.

Uit "Tyd se Kleur"
van
**Hannah Esterhuyse**.



# BEGIN VAN DIE DINGE...

**Johan aan die woord:** Die hele verhouding het ontstaan sonder dat een van ons enige bedoeling daartoe gehad het.

Ek het Oujaarsaand van 2023 by my kinders in Witsand gekuier. Die jonges was vrolik en het die Oujaar behoorlik gegroet. Ek het met groot heimwee in die sitkamer gesit en die klomp aanskou en baie alleen begin voel. So kry ek 'n gedagte om vir iemand 'n voorspoedige Nuwejaar toe te wens en begin deur my telefoonlys blaai. Om die een of ander onverklaarbare rede kom ek by Pam van Antwerpen (wat ook haar gade aan die dood afgestaan het) se naam uit en ek dink by myself: ***"Dalk voel sy ook alleen soos ek. Laat ek vir haar iets stuur."*** So gedink, so gedoen.

Nuwejaarsdag toe "spook" die mensie weer by my en ek stuur vir haar 'n gedagte wat ek neergeskryf het (oor die dood van 'n geliefde).

***"As die storm verby is,***
***sit jy met baie herinneringe***
***in jou hart.***
***Maar na die eerste maande,***
***waarin die skok en paniek***
***dreig om jou te oorweldig,***
***kan jy tog voel dat die pyn***
***effens vervaag en weet jy***
***dat die genesingsproses***
***begin het.***
***Dit is asof jy darem***
***vir 'n paar uur met jou lewe***
***kan voortgaan***
***sonder die intense pyn***
***van vroeër.***
***Dan kom daar die tyd***
***dat jy die hele dag***
***kan oorleef.***
***Uiteindelik die gerusstelling***
***dat jy ook hierdie storm***
***oorleef het."***

Uiteinde was dat sy antwoord dat dit vir haar op daardie oomblik baie beteken het.

So gaan die tyd verby en Edelweiss Brits laat my weet dat Pam vir my iets beskikbaar het om die televisie beter te kan hoor. Op daardie stadium het ek reeds 40% van my gehoor verloor. So gaan maak ek 'n draai by huis 80C en kry 'n stel gehoorstukke as geskenk.

Om dankie te sê, nooi ek Pam vir 'n ete by die Spur. Daar op die stoep, net een kyk in daardie Bokkie-oë en alles was verby!

Ek is nie iemand wat in toeval glo nie. Hier was net te veel wat "toevallig" was om goed te wees vir my gesondheid! Ons glo dat dit die werk van ons Hemelse Vader is wat ons bymekaar gebring het vir 'n tweede geleentheid en 'n nuwe seisoen in beide van ons lewens, nadat beide van ons kanker oorleef het en deur Sy genade nou gesond is en mekaar geestelik kan ondersteun.

Baie dankie aan al ons vriende wat op Saterdag, 5 Oktober 2024 ons heuglike geleentheid met ons kom deel het by die NG Kerk-Oos en ook groot dank aan almal wat ons deur die moeilike tye na ons gades se afsterwe ondersteun en gedra het. **Die lewe in Kokanje moet iets daarmee te doen hê.**

**Pam se weergawe:**
Ek was Kerstyd en Nuwejaar 2023 by my kinders en baie eensaam, sonder my maat van 53 jaar wat Meimaand 2023 oorlede is na 'n lang kankersiekbed. Op daardie stadium het ek behandeling gekry vir borskanker.

Op Oujaar was ek met ons kinders by 'n pragtige kampterrein toe 'n geweldige storm losgebars het. Net na die storm trek alles oop en 'n pragtige reënboog verskyn. So bring die Here vrede in my hart en die volgende oggend kry ek die boodskap (hierbo) wat Johan vir my gestuur het.

**"Toeval? Beslis nie!"**

Die storie van Edelweiss oor die doofheid was net die "gap" wat ek van my kant af moes vat…

EN... op die troudag, toe Johan aan die woord was, het hy vertel van die lied wat al vir die hele week in sy hart was: ***"Ek's 'n dapper muis – en daar is niks waarvoor ek skrik nie!"***

'n Voëltjie het gefluit dat die "Honeymoon Couple" tuisgegaan het in een van die pragtige chalets by Bergkoninkryk (een van die gereelde ***KOLLIG***-Adverteerders). Dit is net binne bereik van Kokanje – om etenstyd van Riaan Roets-hulle se heerlike kos te kom haal om daar te gaan eet.



# KANSA/CANSA SE TOKTOKKIES WAS WEER BAIE BEDRYWIG!

**DANKIE KOKANJE**

Ons wil elkeen van u bedank vir u hartlike en getroue bydraes tot Kansa tydens ons 2024 Toktokkie-veldtog.

**Ons het 'n totaal van R37,330 ingesamel!**

U goedhartigheid maak 'n diepgaande verskil en hierdie ruimhartigheid sal aansienlik help om Kansa-navorsing en -ondersteuningsdienste te bevorder.

Weereens baie dankie vir u onwrikbare ondersteuning.

**THANK YOU KOKANJE**

We would like to thank each one for your heartfelt and faithful contributions to Cansa during our 2024 Toktokkie campaign.

**We were able to raise a total amount of R37,330!**

Your kindness makes a profound difference and this generosity will significantly aid in advancing Cansa research and support services.

**Thanks again for your unwavering support!**



**Elsa Watson**



Google Cancervive: Lees gerus daar oor kanker wat oorkom is.

CANSA®
Cancer Association of South Africa
*Research • Educate • Support*

## HEELJAAR DEUR SE GESKENKE!

Wanneer die volgende Versoek op die Koop-en-Verkoop-Groep verskyn

> "Ek benodig asseblief enige kleur **TOLLE** breiwol – 3- of 4-draad."

moet jy weet **Rina Butler** se wol het alweer opgeraak!

Haar welgeoliede breimasjien werk byna aanhoudend om Bedsokkies, Kniekombersies en Musse te brei om koulike Cansa-pasiënte knus en warm te hou.

Hierdie pas voltooide besending is 98 paar kouse en 155 musse. Maar, die flukse en beskeie Rina tel eintlik nie meer hoeveel items sy in yslike sakke pak en skenk nie, want **"sy doen dit met 'n hart vol Jesus-liefde!"**







## MEDIKASIE EVALUASIE



**Listen to Julie Andrews' song:**

"Just a spoonful of sugar/honey make the medicine go down."

Indien jy belangstel om jou medisynegebruik te evalueer met betrekking tot moontlike interaksies en/of newe-effekte, stuur 'n E-pos vir meer besonderhede aan jdebeer034@gmail.com



**Johan de Beer**

# LÜNEBURG
**PROPERTIES | VALUATIONS**

**Est. 2005**

**PROPERTY SALES of:**

- Irrigation and Dryland Farms
- Game and Cattle Farms
- Smallholdings and Plots
- Lifestyle Guest Farms and Lodges
- Stands/Building Plots
- Commercial Properties

**PROFESSIONAL VALUATIONS of:**

- All types of farms (specialised)
- Residential Properties
- Industrial and Commercial Properties
- Stands and Development Land

**JAN LÜNEBURG**

SACPVP (7395); MIVSA
MPRE (0924016); CEA
Nasionale Diploma Waardasies (CPUT)

082 371 4783 jan@jlproperties.co.za Kiepersol Straat 73F, Kokanje, Modimolle


We provide **comprehensive** eye examinations



spec savers
For AFFORDABLE EYE CARE

**MODI MALL** 014 717 5448
Shop 5A & 6, Modi Mall, cnr Thabo Mbeki Drive

**Say hello to your new superpower.**



spec savers | AUDIOLOGY

**MODI MALL** 014 717 5448
Shop 5A & 6, Modi Mall, cnr Thabo Mbeki Drive


ANITA'S AUTO SHINE
MOBILE
CAR WASH
BEST PRICES!
083 465 1095


RUG PROBLEME?
Cloud Nine
beds for the rest of your life
BEDDENS WORD TEN VOLLE ONDERSKRYF DEUR DIE VERENIGING VAN CHIROPRAKTISYNS VAN SUID AFRIKA
As inwoner van Kokanje wil ek u graag bystaan met die volgende
- Keuse van regte bed
- Waarborg verduidelik
- Aflewering reël
- Spesiale prys beding
Rest Assured Also Available
International Traders
Pieter Knoetze, Kokanje 57F
079 041 2878


BRING ADVERTENSIE SAAM VIR 10 % AFSLAG!
Tel: 082 475 7202
Your Hairdresser by Duncan
Ladies and Gents Stylist
Bergstryd Singel No 7
PicknPay Centre
KFC
MBT
Pepe's
Isuzu
5 Gewels
STOP
To Vaalwater
To N1
Van Riebeeck
LS Eenheid
Paul Kruger str
Bakker str


Mans Haarsny
Dames Haarsny
Blowave
Set
Tint / Hi-light
Perm
KE asook Huisbesoeke beskikbaar indien dit nie moontlik is om Salon toe te kom nie.
Skakel gerus of kom loer sommer in om u afspraak te maak.
Besigheidsure
Maandag - Vrydag
7:30 tot 12-30
Eloisa
Tel: 082 466 6806
Salon Kokan Mari

# JUKSKEI-PRETDAG

## OP ERFENISDAG





DIE WENNERS!





















# JACQUES DE BEER

## DE BEER SOLAR EN ELEKTRIES PTY/LTD

**065 624 6819**

GOEDGEKEURDE KONTRAKTEUR IN KOKANJE

## IS JY MOEG OM 'N KRAGREKENING TE BETAAL?

* Finansiering Beskikbaar
* Pomp krag terug in die grid
* Pryse nou baie bekostigbaar
* Deye / Sunsynk / Salvare en nog baie meer stelsels

**KONTAK ONS GERUS VIR 'N GRATIS KWOTASIE**



*As per standard installation else T's and C's apply.*

# DOOR & WINDOW CONNECTION

- Aluminium & Glas Stoep Verandering
- Blinders
- Muskiet Gaas

**Kontak ons gerus vir 'n Kwotasie**

**Sonja van Zyl**

**082 454 6250**

**sonja@dwcon.co.za / www.dwcon.co.za**

**24A Dirk van den Bergstraat, Modimolle (Oorkant die Gevangenisdiens)**




Martin's
leaders in funeral industry

‘n Ligpad vir 2025. ‘n Nuwe jaar! Feestelikhede en jolyt en lighoofdige uitbundigheid.

Waarom raak mense so meegevoer oor die feit van ‘n jaarwisseling? Ons lewens word sterk volgens kalenderjare gereël. Ons is aan die einde van 2024 en aan die begin van 2025 en het die polsende verwagting dat dit ‘n goeie, beter en ‘n feestelike jaar sal wees.

Om dié rede begin ons 2025 met Spr 4:18: “Die pad van die regverdiges is soos helder oggendlig wat groei en sterker word tot dit heeltemal dag is.”

Die lewe is ‘n uittog in die lig van God se genade. Die eerste dag van 2025 is jy en julle en ons op reis - die nuwe jaar tegemoet. Ons kry by die Here ‘n reisbelofte. Ons is mense van die lig, ons is self soos die lig wat groei.

Ons het rede om fees te vier omdat ons met hoop in ons harte lewe. Ons hoop is nie sommer ‘n dobbelskoot in die donker nie, maar dit berus op die beloofde woord van die lewende God. Begin 2025 met ‘n glimlag. Ons is op ‘n ligpad. Met vreugde en vertroue gee God ons voete soos dié van ‘n ribbok.

Vreugdes André, Carin en personeel

**André de Lange** (Franchisee) 083 310 8214
**Carin de Lange** (Franchisee) 083 577 8789
**Chandré Olivier** (Manager) 073 954 3535

083 310 8214 (24h)
[illegible]

## Our Services Include

*Martin's Funerals is your trusted leader in the funeral industry.*

- Funeral services, planning, and advice
- Funeral cover policies
- Pre-planned funerals
- Funeral repatriations
- Exhumations

*We accept policies from all institutions and can assist with all services.*

## Our Offices

**Modimolle**
101 Nelson Mandela Drive
015 280 0059

**Mokopane**
121 Ruiter Road
015 491 2014

**Polokwane**
Unit 1 Casa Mia
23 Rabe Street
015 280 0048

Martin's Funerals is an Authorised Financial Services Provider FSP 48189, Underwritten by African Unity Life Limited an Authorised Financial Services Provider FSP 8447

# DANKIE-FUNKSIE VIR BORGE EN ADVERTEERDERS





















# POETS EN REGMAAK VIR KERSFEES EN 2025 SE 40-JAAR HERDENKINGSVIERINGS...

**Ter inligting:**

**1. Mos:** Die onooglike swart mosaanpaksels word tans van motorhuise se mure afgespuit.

**Weslou** se werkers het by die Kokanje-Admingebou begin en daarna die Ingangshek en Rolbalklubhuis onder hande geneem. Hulle het reeds Raasblaarstraat se motorhuise voltooi en dan volg Krinkhoutstraat en stelselmatig die res van Kokanje.



**2. Blare: Anne-Ló Kühn** kom klop by elke huis aan en stel Inwoners in kennis dat haar spannetjie op daardie dag op hulle dakke gaan werk.

Hulle is nou vir die 2de maal besig om Kokanje, op roterende basis, deur te werk en blare, takkies en sand uit alle geute en waterafvoerpype te verwyder sodat die reënseisoen gladweg en sonder onnodige voorvalle kan verloop.

Hulle het op 2 September 2024 met hierdie baie belangrike diens aan Kokanje begin.

Die dame en haar span resorteer onder **Johan Marais Boomsloping** in Modimolle, wat Kokanje altyd bystaan met die verwydering van ongewenste bome op die terrein.

V.l.n.r:
Jimmy, Willem en Hosea.
Op die dak is Steve en
Anne-Ló sit voor.



## HE WAS ONE OF US

He was born as little children are
And lived as children do
So remember that the Saviour
Was once a child like you
And remember that he lived on earth
In the midst of sinful men
And the problems of the present
existed even then
He was ridiculed and laughed at
In the same heartbreaking way
That we who fight for justice
Are ridiculed today
He was tempted, He was hungry
He was lonely, He was sad
There is no sorrowful experience
That the Saviour has not had
And in the end he was betrayed
And even crucified
**For He was truly "One of Us"**
He lived on earth and died!

**Helen Steiner Rice**





While the population
Grumbled about a Census,
Mary rejoiced in God her Saviour.

While the sceptics and doubters
Came up empty
The shepherds went home with full hearts.

While scholars tried to figure out when
Messiah would come,
Anna saw God's
Promise fulfilled before her eyes.

While Roman leaders demanded allegiance
From their subjects,
Wise Men bowed down
And worshipped at Jesus' feet.



While religious leaders
Continued to look to
Their traditions,
Simeon held God's
Salvation in his hands.

**Roy Lessin**

Bladsy geborg deur **Lonka Bergsma**. Baie dankie, Redaksie.

## LEEUWELPIE IN LIZA'S-KIOSK...



**Sel: 082 449-1238.**

Weeksdae
08:00 tot 15:00.
Saterdae
08:00 tot 13:00.



"Business as usual" in die Kiosk – en daar word nog ander, nuwe dinge beplan vir 2025!



Die skugter, maar baie vriendelike en hulpvaardige **Alezea Coertze** (heel links) is die nuwe eienaar van Liza's Kiosk.

En, nee... sy is NIE die leeuwelpie waarvan ons praat nie!

Een oggend moes Alezea een van haar pa (**Japie Badenhorst** van Bate Boukonstruksie – 'n Kontrakteur wat baie huisopgraderingswerk vir Kokanje behartig) se leeuwelpies saambring werk toe. Dit is daar waar gereelde kliënt, **Hannah Esterhuyse**, die leeutjie raakgeloop het en in vervoering geraak het oor die pragtige klein diertjie.

### Op die Inkopielys:

Vars groente en vrugte.
Ina Lessing se konfyte.
Allerlei koekies en gebak.
Allerlei lekkers.
Beskuit.
Koeksisters.
Fudge.
Soet/sout peuselhappies.
Brood en melk.
Koeldrank en sap.
**"Slapchips"** varsgemaak.
Roomys en **"Soft Serve"**.
Opwasmiddel, waspoeier, skoonheidsseep en ander kleinmaat produkte.
Tydskrifte en koerante.
Wegneemmaaltydjies soos kerrie en rys en makaroni en kaas.

### Op die Spyskaart:

Ontbyt, geroosterde toebroodjies en ligte maaltye.

**Diens:**
Betaal Motorlisensies.






**Kom besoek ons gevestigde praktyk in Kokanje by Dr. Breedt, vir persoonlike en professionele diens.**

- **Herstel & Dienste**
- **Gehoorbeskermers**
- **Wasverwydering**
- **Gehoorapparaatpassings**
- **Ondersteunende luistertoestelle**
- **Gehoortoetse**
- **Verstellings**
- **Batterye**

**Skeduleer u afspraak by 014 717 1139**

# KERSFEES KOUGOED

## KONFYTBLOKKIES

BESTANDDELE:

| | |
|---|---|
| 250 ml | Suiker |
| 250 gr | Botter |
| 2 | Eiers |
| 1 kg | Koekmeel |
| 10 ml | Bakpoeier |
| 10 ml | Vanielje |
| knippie | Sout |
| 1 blik fyn | Appelkooskonfyt. |

METODE:

1. Klits botter en suiker baie goed saam.
2. Voeg eiers en vanielje by en klits goed.
3. Sif meel, bakpoeier en sout by eerste mengsel en meng tot sagte deeg.
4. Stel oond op 160ºC.
5. Smeer of spuit 'n oondpan.
6. Deel deeg in 2 en druk 1 stuk baie gelyk in oondpan vas met vingers en hande. Maak voorsiening vir 'n deegrandjie reg rondom die pan.
7. Sit ander deel in die vrieskas terwyl met nr. 8 besig is.
8. Smeer konfyt eweredig oor deeg in die pan.
9. Haal deeg uit vrieskas en rasper dit met growwe rasper baie eweredig bo-oor die konfytlaag.
8. Bak in oond vir 20 tot 25 minute – goudbruin bo.
9. Sny in blokkies terwyl nog louwarm.
10.Haal blokkies uit en bedien of pak weg in Tupperhouer.
11.Vries ook goed.
12.Indien dadelik geëet word, sal beskuitjies krakerig wees, maar wanneer gestoor/gevries word, word hulle sagter.

**ADRÉ BERNHARDT**



Baie dankie, Adré vir hierdie resep wat jy met ons almal deel. Sy het dit GeGoogle en die blokkies gemaak. VOEDKOM het dit saam met tee en koffie bedien by die Algemene Jaarvergadering van 26 September. Dit was heerlik! **Red.**

## PIZZA-APPELTERT

(Genoeg vir 2 of 3 terte.
Halfeer bestanddele as jy 1 verkies.)

BESTANDDELE - terte:

| | |
|---|---|
| ± 6 | Groot Appels - kook met 1/4 kop suiker en water, dreineer. |
| 1/2 kop | Strooisuiker |
| 2 eetl | Melk |
| 2 kop | Bruismeel |
| 2 groot | Eiers |
| 150 gr | Margarien (blok, harde margarien) |
| | Sout |
| 1 tl | Bakpoeier |
| | Kaneelsuiker. |

METODE - terte:

1. Klits margarien en suiker baie goed saam.
2. Voeg eiers by.
3. Klits omtrent 15 minute lank.
4. Voeg res van bestanddele by, behalwe kaneelsuiker.
5. Smeer 2 of 3 ronde of een vierkantige (50 mm diep) Pyrex-bak/ke, met margarien.
6. Smeer deeg ½ duim dik in bak/ke.
7. Druk gaar appels in deeg in.
8. Sprinkel kaneelsuiker liggies oor.
9. Bak 1/2 uur by 180°C.


BESTANDDELE - sous:

| | |
|---|---|
| 1 kop | Melk of Volroom |
| 1/2 kop | Bruinsuiker |
| 300 gr | Margarien. |
| | Kaneel. |

METODE - sous:


1. Kook sousbestanddele in mikrogolfoond op hoog.
2. Roer elke paar minute totdat suiker opgelos is.
3. Gooi hierdie warm karamelmengsel bo-oor vuurwarm terte.
4. Bedien dadelik of laat afkoel en hou in die yskas.
5. Bedien met room of roomys.

**BIEBIE VAN ZYL**



Biebie se heerlike resep verskyn in die Naaldwerkklub se Resepteboek wat in 2022 deur die lede saamgestel en verkoop is om fondse in te samel.
**Red.**







**KOKANJE**









**HUIS-KONSERT**









Let's Twist Again and California Blue...












KOKANJE
AFTREEOORD
MEGS
connecting you to the world
WATERBERG
bekostigbare vesel internet in
Kokanje
Gratis Installasie en maand tot maand kontrak.
Geen verborge koste nie!
MEGS WATERBERG Pryse vir onbeperkte vesel internet
20/20 mbps vir slegs R299.00 per maand
50/50 mbps vir slegs R399.00 per maand
100/100 mbps vir slegs R799.00 per maand
Skakel ons gerus vir meer inligting
Jozua Badenhorst
078 564 2224
Marlyna de Villiers
083 463 1741
Herman Booysen
078 156 8142
Geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar van die Megs Waterberg-span







30 AUGUSTUS 2024
# KOKANJE-GHOLFDAG









JOU ALGEMENE
HARDEWARE WINKEL
DV
DE VILLIERS HARDWARE
WEN GROOT! GOOI JOU
STROKIE IN VOOR
31 MAART 2025
GELDIG VIR ALLE KOKANJE INWONERS
015 880 1844
063 784 5597
1115 NEPTUNE STRAAT MODIMOLLE, 0510
www.devillRiershardware.co.za
Hardeware
Bouware
Kombuise


Solitaire Hair
• MODIMOLLE •
Left to right: Zephni, Bekkie, Mariana, and Corinne.
kalahari™
ancient desert secrets
by
Carina Franck
Trusted skincare brand from ancient desert secrets with de-aging properties
Stockists of:
NIOXIN
RESEARCH LABORATORIES, INC.
#1 solution for thinning hair
REDKEN
5TH AVENUE NYC
icon.
PAUL MITCHELL
PROFESSIONAL SALON PRODUCTS
INDOLA
Kadus
PROFESSIONAL
WELLA
COLLAGEN
Schwarzkopf
Services:
We only use the best quality products on our clients
• Colour & Cut • Perm
• Brazillian hair straightening treatment
• Brides & bridesmaids (can arrange to travel to venue)
• Extensions • Highlights
• Variety of hair treatments • Gents & Boys cuts
LOADSHEDDING?
No problem – we can still help!
Mariana 072 823 2806
Zephni 079 142 6056
Corinne 082 468 3803 (Nails)







**KOKANJE-INWONERS IS BEDERF MET 'N HEERLIKE MIDDAGETE EN VROLIKE VERSIERINGS DEUR DIE VRIENDELIKE VOEDSELDIENSKOMITEE.**






















ESS
EMMANUEL
SHUTTLE SERVICES
BETROUBARE DRYWERS
LUGHAWE
DAG TOERE
PRIVAAT RITTE
SHUTTLEDIENS
LIMPOPO GAUTENG
KONTAK VIR 'N KWOTASIE
Amaro: 083 379 6961
Vicki: 082 756 7676
emmanuelshuttleservice@gmail.com


BOSVELD GLASS
WINDSCREENS | AMBER
PACIFIC | CLEAR GLASS
& SHOWER DOORS
FREE QUOTATIONS IN
A RADIUS OF 20KM
WE WORK FAR AND WIDE
MOOKGOPHONG | VAALWATER
BELA-BELA | MODIMOLLE
Tel: 014 000 4568
Cell: 078 873 4914
bosveldglas9@gmail.com
105B Thabo Mbeki Str, Modimolle


hunky dory
JOU ALLES IN EEN WINKEL
KOFFIEWINKEL, JUWELE
KLERE, SKOENE
BOEKE EN VELE MEER!
083 490 8598 | MODIMOLLE


Hannelie de Beer
Fisioterapie
(Praktyk: 961906)
Besoek Kokanje 3 keer per week.
Sien kliënte in die versorgingseenheid
of in die gerief van jou eie huis.
Skakel Hannelie
by 078 426 9685
164 Kerk Straat, Nylstroom, 0510

# GESKENKE DEUR DIE JARE:

## 1. BRILLE VIR F.H. ODENDAAL-HOSPITAAL.



Dis nou al 'n paar jaar dat ek brille hier in Kokanje insamel vir die F.H. Odendaal-hospitaal in Phagameng. Hierdie jaar **160**, en altesaam **'n Totaal van 813 brille!**

Die sekuriteitspersoneel daar was baie vriendelik en ek het net die toegangsboek ingevul. Ek is toe dadelik Oogkliniek toe, waar ek baie hartlik ontvang is deur Rejoice.

Ons ken mekaar al goed en sy is altyd baie vriendelik. Ons het die brille ingedra en sy het weereens baie dankie gesê aan elkeen wat 'n bril geskenk het hierdie jaar. Rejoice het my 'n stywe druk gegee, wat ek vir elkeen van julle moet aangee. **So hier kom julle drukkies.** En as jy een van dié was wat meer as een bril gegee het, kry jy natuurlik meer drukkies!

Nou gaan die brille herstel en getoets word, sodat elke persoon dadelik die regte bril kry en nie maande hoef te wag nie.

**Hiermee wil ek net weer baie, baie dankie sê!**

Brille-groete,

**Elsa van Wyk**
083 289-0208.
94E.



## 2. VIR DIE KINDERS...

Hartlike dank aan Inwoners wat oor die jare potlode, penne, skêre, materiaal, kant, lint, papier, ou groetekaartjies, eetgoedjies, gips, toiletrolle, blikkies, klei, balle, rakette, ens. geskenk het om die Vakansie Kinderprogramme so prettig te maak!

Die aanbieders, Pieter Knoetze, Rita Noeth, Hetta Uys, Christie de Jager, Hannah Esterhuyse en Sue Wright het hierdie artikels baie suksesvol en effektief aangewend.



## HOE U DIE KOKANJE SE EENHEID VIR VERSWAKTE INWONERS (KE) KAN HELP DEUR MIDDEL VAN U BRANDSTOF- EN MOTORDIENSUITGAWES

Indien u u **Voertuig met Brandstof Vul** by **Waterberg Toyota Engen-motorhawe** in Modimolle en/of by **Total Modimolle-motorhawe**, kwalifiseer Kokanje vir 'n persentasie van die totale bedrag as donasie aan ons KE.

Die afgelope tyd se kwitansies vir brandstof aankope was aansienlik en word maand-einde by Engen Modimolle en Total Modimolle voorgelê (geen vervaldatum vir kwitansies nie).


Graag word u daaraan herinner dat u **Motordiensuitgawes** by **Waterberg Toyota Engen, Modimolle** ook kwalifiseer vir 'n persentasie van die totale bedrag as donasie aan ons KE.

**Kassie op toonbank by Santie Strydom se kantoor.**

Dankie vir u samewerking.

**Brandstof-/diensuitgawesbeampte:**

**Nick Sothmann.**






**Brandstof-strokies** se kassie en VOEDKOM se kassie vir kommentaar en komplimente.

Bladsy geborg deur **Bokkie en Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.

# ABRAHAM KRIEL KINDERS KUIER IN KOKANJE

'n Getroue leser van Die Poskoerant en Inwoner van Kokanje, **Leon de Jager**, het die berig oor die leë koskaste by die Abraham Kriel Kinderhuis raakgelees en was baie ontsteld daaroor.



Kinders lê hom baie na aan die hart en hy het dadelik met die Uitvoerende Bestuurder van Kokanje, **Andries Visagie**, gaan praat oor hoe Kokanje-Aftreeoord kan uitreik na die nood in die gemeenskap, veral m.b.t. die Abraham Kriel Kinderhuis.



Met 'n paar koppe bymekaar, is die bal dadelik aan die rol gesit en in die bekwame hande van die Damesklub, onder leiding van **Penny Maré**, van Kokanje-Aftreeoord oorgegee.

Op Donderdag, 5 September 2024, is ongeveer 110 Inwoners van Kokanje-Afreeoord vermaak deur die kinders van die Kinderhuis.

Die kinderhuiskoor, onder leiding van **Schalk Vorster**, het mooi geestelike liedere gesing waarna **Marlene de Villiers**, Bemarker van die Abraham Kriel Kinderhuis, suksesverhale met die Inwoners gedeel het – kinders wat bo hulle omstandighede uitgestyg het met die hulp en bystand van die Kinderhuis-personeel, maar ook donateurs wat finansieel hulle hande sterk maak om hierdie getraumatiseerde kinders by te staan en met die nodige liefde te versorg. Die Inwoners is verder bewus gemaak van hoe hulle betrokke kan raak by die Abraham Kriel Kinderhuis en veral wat van die grootste behoeftes van die Kinderhuis is.

Die mooi jonge dames wat lyndanse gedoen het en die sterk jong manne van die Abraham Kriel Kinderhuis, wat as die "GUMBOOT SQUAT" bekend staan, het die gehoor vermaak met ritmiese danse en menige Inwoner moes selfbeheersing aan die dag lê om nie ook sommer op te spring en saam te dans nie. Na afloop van die verrigtinge in die Kokanje-saal is daar heerlik buite piekniek gehou saam met die Abraham Kriel Kinderhuis se kinders. Oud en jonk het heerlik saam gekuier, gesels en smaaklike verversings geniet.





Daar is altesaam R7 180 ingesamel op die dag en dit is aan 'n baie dankbare Marlene de Villiers oorhandig.



V.l.n.r:
**Marlene, Schalk en Penny**.



**Henriëtte Els**
(Kokanje se Maatskaplike Werker.)

Hierdie artikel het ook in die Poskoerant verskyn.

Bladsy geborg deur **Bokkie en Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.

# ALLERLEI




## ONTBYTSAKE BENOEMING – STEM SAAM IN 2025!

Andries Visagie (UB) en Anina Sauermann (Bemarkingsbestuurder) het die afgelope jaar of 2 baie op Ontbytsake verskyn om Kokanje aan Suid-Afrika bekend te stel en om ons Lewensregkontrakte te bemark.

Die toekenning aan Kokanje beteken dat ons volgende jaar sal moet stem (soos gewoonlik die geval is met "Dorp van die Jaar") ten einde Kokanje die Top Onderneming van die Jaar 2025 te maak.

**Dit sal darem wonderlik wees as dit kan saamval met Kokanje se 40ste verjaarsdag!**

## KOKANJE-KOOR

16 van die Kokanje-Koor se lede het heerlik by "Toeka se Dae" Restaurant uitgespan na 'n jaar se baie harde oefen en besonder suksesvolle optredes. Hegte vriendskapsbande het hieruit ontstaan.

Baie dankie vir die vermaak wat julle in 2024 verskaf het. **Ons sien al uit na julle optredes in 2025!**





## "CHARCUTERIE" VIR KRISMIS!?

"Charcuterie" kom van die Franse taal – "chair" (vleis) en "cuit" (gekook). Dus die kunstige verwerking en opdien van vleis, kase en bykomstighede. Tans word hierdie verskeidenheid peuselgoedjies op 'n stokkie geryg en bedien in 'n koppie/bekertjie of emmertjie. Hierdie is Riaan en Adré se idee!

In ons jong dae het ons iets soortgelyks gehad, die "smorgasbord", 'n verskeidenheid peuselgoedjies wat op plat borde opgedien is.



## UITTOG UIT DIE KE...

Op Vrydag, 15 November, het 5 KE-Inwoners en 5 vrywilligers al met die pad langs gaan stap/ry op die heerlike koel, sonnige oggend.

Henriëtte Els (Welsynswerkster) en Suster Patricia Snyders was in beheer van hierdie uitstappie.

Jinnie Botha se seun, Frans (hy en Tiger is betrokke by die PAT-projek in die KE) gaan stap gereeld met sy ma rond en dit is sy droom dat die ander KE-Inwoners ook op 'n gereelde basis so bederf kan word...

Frans plaas gewoonlik die Waterberg.online inligting op Koop-en-Verkoop om besighede, promosies en funksies in die omgewing bekend te stel.

# 101+, NIE UIT NIE!



Hierdie jaar het een van ons Inwoners haar 101ste verjaarsdag gevier...

**Marie Boshoff** wat in die Versorgingseenheid is, het die heuglike geleentheid saam met haar dogter, Ansie Nobbs en ander familie en vriende gevier.

Marie is al **32** jaar in Kokanje woonagtig.

**BAIE GELUK EN SEËN WORD JOU TOEGEWENS, MARIE!**




Dogter, Ansie Nobbs.



## OP MARIE SE HAKKE...



**Hester Bester** het op 24/11/24 **100** geword. Sy woon al **35** jaar in Kokanje. **(Meer inligting op volgende bladsy.)**

**Rosa Leiding** word **100** op 24/03/25. Sy woon al **32** jaar in Kokanje.



Beide dames kan tans in die KE besoek word.

## REKORD VAN 102 JAAR EN BYNA 4 MAANDE STAAN NOG!

**Oudste persoon in Kokanje?**
**102+, ongelukkig WEL UIT:**

**Wyle Nico Venter 20/6/1016 – 10/10/2018.**



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **HIERDIE 7 INWONERS IS OOK AL VIR MEER AS 30 JAAR WOONAGTIG IN KOKANJE:** | Ella Hattingh | 35, | Alice van Zyl | 35, |
| | Tinka van Dyk | 35, | San van Rooyen | 35, |
| | Beulah Meyer | 35, | Margaret Venter | 31. |
| | Elna Spangenberg | 35, | | |

# TANNIE HESTER BESTER SE **100ste** VERJAARSDAG
## (OUD-KOLLEGAS VAN DIE KOKANJE-ADMINISTRASIE tot 2005)

Ons wil net graag opnuut vir tannie Hester, wat tans in die KE woon, gelukwens met haar **100ste verjaarsdag!** (Sondag, 24 November 2024.)

Haar kinders, kleinkinders en familie het die teekamer in die KE so feestellik en mooi voorberei en die heerlikste eet- en drinkgoed voorgesit.

Daar was verskeie ouer Inwoners en gaste van Kokanje teenwoordig. Die Verpleegpersoneel, Schalk Vorster en Helene Booyzen het haar op 'n paslike wyse toegesing.

Dit was onvermydelik om aan die tydperk wat sy in die Administrasie van Kokanje betrokke was as die Oordbestuurder se Persoonlike Assistent, te dink. Sy het ook dieselfde pligte vir die Bestuurder van Gesondheidsdienste (nou genoem Versorgingsdienste), Suster Halewijn, verrig en altyd tyd gevind om haar agendas, notules, briewe, verslae en ondersoekskrywes te tik, af te rol en met die hand te versprei aan die Komiteelede. Sy was 'n wonderlike voorbeeld van pligsgetrouheid en werksywer en niks het haar ooit ondergekry nie!

Hester was die regterhand van die Oordbestuurder, het groot respek afgedwing by almal en was 'n baie groot inspirasie vir die Personeel, omdat sy nog so flink kon optree op haar "hoë ouderdom" van 75 plus!

Die belangrikste aspek van haar diens was dat die Oord in 'n ontwikkelingsfase was en finansies baie beperk. Daarteenoor was daar 'n groot behoefte aan 'n bussie om Inwoners na die dorp en elders te vervoer, asook die bou van 'n grasafdak waar Inwoners, klubs en groepe mense met hulle verjaarsdae ens. gaste kon onthaal. Daar was ongelukkig geen reserwefonds beskikbaar nie. Onder Hester se leiding het die Personeel gehelp om aksies vir fondsinsameling te loods (die "Wielefonds" is toe in die lewe geroep). 2 bazaars is gereël: Die eerste een in Nylstroom Stadsaal en die tweede in die NG Kerksaal. Verskeie skenkings is deur klubs ontvang, asook donasies van die klereverkope in die verkoopslokaal.

Die grasafdak (Lapa) is laat 1990 ingewy en die bussie is in 2004 in gebruik geneem.

Personeel in die Administrasie van die Oord het as 'n gedugte span saam gewerk om die verblyf van die Inwoners so aangenaam moontlik te maak.

**Die volgende oud-personeellede het Hester se groot 100-jaar mylpaal saam kom vier.**

Susters Liz Halewijn (5.) en Helene Booyzen (1.) het die KE daargestel en uitgebrei. Trudi Nel (Skakelbeampte)(2.) het verskeie fases van nuwe huise verkoop, was in beheer van skoonmaakdienste van huise en Personeelbeampte. Antoinette Smit (4.) het tannie Hester bygestaan met die groot hoeveelheid tikwerk. Suzette van der Merwe (3.) het alle kontantheffings en transaksies namens die Oord hanteer. Rita Deck (8.) het die KBV se kasboek, salarisse en krediteurrekeninge hanteer.

**Saamgestel deur**
**Inwoner Kobus Nel** (6.)
vorige Oordbestuurder en
**Inwoner Liz Halewijn**
vorige Bestuurder Versorgingsdienste.



Huidige Voorsitter, Hennie Lacock, wens Hester geluk met haar **100ste!**

1. 2. 3. 4. 5. 6.



8.

# NUWE INTREKKERS – BAIE WELKOM!

(Bladsy 1.)

**1. SOPHIA VAN DER WALT,**
née Oosthuizen. **Huis 26D.**

Voorheen van Centurion.
Ken vir Ansie van Dyk.
Sy het besluit om in 'n rustige en bosryke omgewing af te tree.
Stokperdjies: Hekel, brei, lees en tuinmaak.
Sophia was 'n Boekhoudster.

**2. ELNA BOOYSEN**
née Brits. **Huis 27C.**

Voorheen van Koro Creek.
Tienie en Annemarie Cronje, Jan en Dorelle Venter, Coen en Susan Meyer en Lukas en Amanda Groenewald is Elna se familie/ vriende in die rustige Kokanje.
Sy is reeds lid van die Nylstroom en Kokanje-rolbalklubs.
Elna speel graag kaart en sy was eers 'n Eiendomsagent.

**3. HENK EN MARTIE VAN DER VAART,**
née Roets. **Huis 33A.**

Hulle kom van Sasolburg en het Kokanje se Bosveldomgewing en Versorging verkies.
Reeds lede van Gimtrim en die Voetslaanklub.
Stokperdjies: Fietsry, kampeer, lees en stap.
Henk het by SASOL gewerk.
Martie het jare gelede by 'n bank gewerk en later tuisteskepper geword.

**4. IGNUS EN SUSAN TREDOUX**
née Du Plessis. **Huis 34A.**

Voorheen van Secunda.
Barries en Tina-Mari Barnard is hulle vriende en Johan en Marina Fick hulle familie.
Die tweetjies wou afskaal en het Kokanje se Bosveldomgewing, die Versorgingseenheid en vriendelike mense in gedagte gehad toe hulle hulle aftreetuiste gekies het.
Hulle het nog nie by klubs en komitees ingeskakel nie.
Stokperdjies: Tuinmaak, naaldwerk, rolbal, kampeer en hulle toer graag die hele land deur.
Ignus was gemoeid met Beheerstelselinstandhouding by Sasol, Secunda.
Susan was 'n Tuisteskepper.

**5. ANITA VAN DER SPUY,**
née Snyman. **Huis 57D.**

Voorheen van Middelburg, ken reeds vir Freda Hayward.
Die Veiligheid en Versorging wat Kokanje bied het Anita laat besluit om hier te kom aftree.
Anita is lid van die Gimtrim- en Voetslaanklubs en die Biblioteek, want sy stap en lees graag.
Sy het vir 24 jaar by Bethal Hospitaal gewerk en was vir 47 jaar getroud met Hennie van der Spuy.

**6. MARIUS EN ANNELIEN TERBLANCHE,**
née Hanekom. **Huis 62C.**

Hulle het voorheen in Middelburg gewoon en ken vir Leon en Gwen Botha.
Marius en Annelien het besluit om af te tree waar daar 'n baie goeie versorgingseenheid beskikbaar is vir hulle oudag.
Hulle speel jukskei en Annelien hekel en lees baie graag.
Vorige werk: Accountant/Shift Supervisor Operating.

1.



2.



3.



4.



5.



6.



# NUWE INTREKKERS – BAIE WELKOM!

(Bladsy 2.)

**7. CHRIS en MARIÉ COETZER**, née Roux. **Huis 66D.**

Voorheen van Lephalale (Ellisras), waar hulle Kobus en Anni Venter leer ken het.
Hulle wou in die Bosveld aftree.
Marié het by die Naaldwerklub en stoeldansgroep aangesluit.
Chris doen graag hout- en staalwerk. Die twee hou van musiek en enige kunsaktiwiteite.
Chris was 'n lektor by die Tegniese Kollege in Ellisras.
Marié was 'n Onderwyseres.

**8. ESTHER DU PLESSIS**, née Basson. **Huis 71C.**

Sy kom van Centurion.
Haar ouers was wyle Jannie en wyle Henriette Basson.
Die Kroezes is haar oom en tannie.
Sy het na Kokanje gekom vir 'n nuwe begin, naby die plaas waarin sy 'n aandeel het.
Sy hou van Canasta-speel by Penny Maré en doen ook Scrapbooking, hekel en berading (Essense Soul School – Holistic psychology – Body, soul and spirit).
Esther het vir 20 jaar 'n gastehuis gehad.

**9. PIETER EN ELMARI SLABBERT,** née Nolte. **Huis 90E.**

Voorheen van Hartbeespoort.
Magriet Brenner, Marius en Etna Hattingh en Ferdie en Bettie Botha is vriende/familie in Kokanje.
Hulle wou net een keer na 'n aftreetuiste trek – hulle kon nêrens Kokanje se gelyke vind nie!
Hulle het so pas ingetrek en sal later aansluit by klubs en komitees.
Die Slabberts stap en lees graag en doen hout- en naaldwerk.
Hulle was albei onderwysers.

**10. JOHAN EN ISABEL STAPELBERG,** née Van der Merwe. **Huis 116E.**

Hulle het voorheen in Hennopspark gewoon.
Willie en Elbie Botha en Braam en Marita Beneke is familie/vriende.
Die Stapelbergs het besluit om in Kokanje te kom woon, in 'n aftreeoord waar bekostigbare versorgingsdienste beskikbaar is.
Hulle het by die APK ingeskakel waar hulle lidmate is.
Johan hou van Jag/Landbou en was 'n Elektriese ingenieur.
Isabel doen graag Naaldwerk en het Boekhouding en administrasiewerk verrig.

**11. NELIUS EN NICKY VAN DER MERWE,** née De Wet. **Huis 117F.**

Voorheen van Germiston.
Vriende/familie: Maks Verhage en Magna Cronje.
Die Van der Merwes sien uit na hulle aftrede in die Bosveld, die stilte en stoepkuiers saam met geliefdes.
Hulle vind nog hulle voete in Kokanje. Hulle is lief vir kampeer en Nelius se stokperdjies is Fotografie en gholf.
Nicky lees graag, doen scrapbooking en allerlei kreatiewe dinge.
Nelius was 'n Siviele ingenieur en Nicky 'n Spraakterapeut.

7.



8.



9.



10.



11.




## HARTLIKE DANK!

Namens myself en my kinders net 'n woord van **HARTLIKE DANK** vir **AL** die ondersteuning en bystand tydens Hans se siekte. In besonder my dank aan die KE-Versorgers wat hom uiters professioneel hanteer het en soveel respek getoon het.

Ek haal graag 'n skrywe aan waarvan die outeur onbekend is en deur Chris Buys gebruik is.

**KANKER HET SY PERKE!**

Dit kan nie die **liefde** vermink nie
Dit kan nie die **hoop** verpletter nie
Dit kan nie die **geloof** wegvreet nie
Dit kan nie die **sielerus** verteer nie
Dit kan nie die **vertroue** vernietig nie
Dit kan nie die **vriendskap** beëindig nie
Dit kan nie **herinneringe** verdoof nie
Dit kan nie **waagmoed** stol nie
Dit kan nie die **siel** binnedring nie
Dit kan nie die **Ewige Lewe** verkort nie
Dit kan nie die **gees** demp nie
Dit kan nie die weg van **Wedergeboorte** verswak nie
Dit kan nie **bekering** stop nie.



Mag dit vir almal wat aan die gevreesde siekte ly 'n troos wees.

Nogmaals **BAIE, BAIE** dankie aan **AL** ons ondersteuners.

**Liefde,**
**Hillie van der Merwe**.

**Hillie van der Merwe** is lid van die Kokanjekoor en het onlangs saam met hulle geoefen en opgetree in "Briewe aan Katryn". Sy neem graag foto's en is ook lid van die DigiFotoklub.
**Red.**

## EK WONDER...

?

Raaisel vir die wiskundiges of bespiegelaars.

Kokanje is volgende jaar 40 jaar oud. Sy verskillende fases is nie almal terselfdertyd voltooi nie.

Daar is 591 huise in Kokanje en op 'n stadium was hulle almal bewoon deur 1 of 2 persone.

**Sou dit nie interessant gewees het om te weet hoeveel Inwoners in totaal oor die jare Kokanje hulle tuiste genoem het nie?**

## EPITAPH

When I die
Give what's left of me away
To children
And old men that wait to die.

And if you need to cry,
Cry for your brother
Walking the street beside you.
And when you need me,
Put your arms
Around anyone
And give them
What you need to give to me.

I want to leave you something,
Something better
Than words
Or sounds.

Look for me
In the people I've known
Or loved,
And if you cannot give me away,
At least let me live on in your eyes
And not your mind.

You can love me most
By letting
Hands touch hands,
By letting bodies touch bodies,
And by letting go
Of children
That need to be free.


Love doesn't die,
People do.
So, when all that's left of me
Is LOVE,
Give me away.

**Merrit Malloy**



# MEELEWING

## ONS NEEM MET SWAAR HARTE AFSKEID VAN HIERDIE GELIEFDES VAN ONS...

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| Chris Brits<br>5 Mei '51 tot 23 Jul '24 | Smittie Smit<br>3 Jul '30 tot 4 Aug '24 | Hannetjie Ehlers<br>6 Des '42 tot 12 Aug '24 | Wendu Wentzel<br>2 Apr '36 tot 20 Aug '24 |
|  |  |  |  |
| Louise Joubert<br>22 Jun '35 tot 29 Aug '24 | Hans van der Merwe<br>11 Jan '45 tot 1 Sep '24 | Fanie van der Walt<br>9 Mei '30 tot 27 Sep '24 | Marieta van der Walt<br>12 Apr '43 tot 6 Okt '24 |
|  |  |  |  |
| Kotie de Lange<br>21 Apr '40 tot 15 Okt '24 | Dirk Ehlers<br>23 Mei '39 tot 20 Okt '24 | Elsa Lategan<br>27 Apr '27 tot 5 Nov '24 | Rina Kroeze<br>16 Jul '36 tot 12 Nov '24 |

Aan die einde oorwin die liefde.
Dit oorwin!
Ons weet dit...
Wanneer iemand sterf, word liefde nie
afgesny soos wat 'n mens
'n kraan toedraai nie.
Dit is 'n verbasend standhoudende
deel van ons.

**J K Rowling**



Wie bemin word,
sterf nooit.
Want liefde is onsterflikheid.

**Emily Dickenson**

# DIE KOKANJE-MANNE SE STOKPERDJIES

## 1. DIE STORIE AGTER "FRAMING GRACE"

**Soveel onverdiende genade – waar begin 'n mens?**

Uit die hand van die Here het 'n stokperdjie/besigheidjie vir my en Pa sommer net so ontstaan! **Uit niks!** Sommer net omdat dit Sy wil was en Hy dit laat gebeur het, deure oopgemaak het en vreugde in ons harte gegee het vir dit waarmee ons besig is. Iets wat Pa se hande besig hou en my 'n kreatiewe uitlaatklep gee – albei ewe noodsaaklik.

**Dit het so begin:** Ek vra my Pa of hy vir my 'n paar rame vir die huis kan maak. Onse Hemelse Vader voorsien mense by wie Pa kan leer, asook hout, en daar is vreugde in Pa se hart terwyl hy werk. Pa bring vir my sommer 'n hele hoop rame en Vader gee my 'n begeerte om hulle te verf. **Maar hoe?** Hy stuur 'n vriendin om my te leer – nie sommer enige een nie, **DIE BESTE!**

Ek is kapot na 'n dag se verf, maar gelukkig en tevrede.

Verftyd word dinktyd, praat-met-Vader-tyd, aanbiddingstyd en musiek-luistertyd. Al daardie **Lekker Dinge!**

**Vader leer my:** Net soos die afvalhout (waarmee die rame gemaak word) in die vuur sou beland, so was ons ook vir die vuur bestem. Maar, danksy God se genade kry ons 'n tweede kans – net soos die hout. En, net soos die hout is ons nie perfek nie, maar vol letsels en swak plekke. Maar, Hy kan en wil ons gebruik, net soos ons is. Ons kan iewers iets beteken, ons is bruikbaar en het 'n doel terwyl ons nog hier op aarde is. In Sy oë is ek perfek! **Ek is presies wat Hy in gedagte gehad het – net soos 'n mooi raam wat met liefde gemaak en geverf is, kan ek ook vreugde bring waar ek gaan.**

En terwyl ek so met die rame besig is, dink ek kort-kort aan daardie **Spesiale Houtkruis**, eendag lank-lank gelede toe God **Sy Liefde en Genade** oor ons uitgestort het, en ek weet **God is Liefde**. Hy wil my bederf, Hy wil die beste vir my hê – Hy het selfs Sy Seun na die aarde gestuur en nie gespaar nie...

**Daarom "Framing Grace". Dankie Abba Vader!**

Neem dus nou hierdie raam – en daarmee saam God se Genade oor jou – en gaan raam jou eie stukkies genade!

Geskryf deur **Chris van der Walt se dogter, Wilna** (foto hieronder).

Chris en sy Rita woon sedert Junie 2014 in Kokanje – hulle sê: **"10 HEEERLIKE JARE!"**

Chris is gedurig in sy motorhuis besig en maak nou meerendeels Windwarreltjies, Voëltjienessies en Kersboompies wat vir gewone geleenthede of Kersgeskenke gebruik kan word en baie in aanvraag is by Kokanje-Inwoners en hulle familie en vriende.

Chris het sy pragtige handewerk uitgestal by die Karnaval (by die Koop-en-Verkoop-afdeling) en hy word ook soms op Saterdae gesien by sy opelugstalletjie by die Kokanje/Vaalwater T-aansluiting.

**Red.**








# KOKANJE-MANNE SE STOKPERDJIES (vervolg)

## 2. WILLIE SWANEPOEL – FAMILIE-KERSGESKENKE TE KUS EN TE KEUR

Willie het ongeveer 5 jaar gelede (toe hy en Elize ingetrek het) begin Houtwerk doen. Hy het net 'n saag en 'n tang op sy naam gehad en buurman, Wim Faurie, het sy kennis en die basiese tegnieke met hom gedeel. Willie het 'n paar houtwerkmasjiene en ander toerusting aangekoop en kyk net watter pragtige Kersgeskenke het Willie al vir sy familie en vriende oor die afgelope paar jaar vervaardig! Daar is voëltjievoerders, snyplanke, handige klein skinkbordjies, “coasters”, tafeltjies en houtkaste.









Willie gebruik meestal pallethout en verwerk dit tot items van skougehalte!

Ten spyte van die feit dat Willie die Bestuurskomiteelid gemoeid met Sekuriteit is en houtwerk vir ontspanning doen, is hy ook baie lief vir gholf en fotografie. Hy is lid van die Koro Creek Golfgroep en die Kokanje-Digifoto- en Bosveld-fotografieklub in die dorp.

**Dit kan gedoen word!**

## 3. DEON DE VILLIERS – KOM ONS BLAAS SY BEUEL!

Deon en Mimi sal einde Januarie 2025 4 jaar in Kokanje woonagtig wees, en is hulle bedrywig!?

Hy speel al trompet en beuel van skooldae af. Hy was van graad 9 tot 12 in sy skool se kadetorkes, die eerste 3 maande van diensplig in die vloot se orkes en in die laat tagtigerjare in beheer van Hoërskool Standerton se kadetorkes.

Die orkes ontbind in 1994 en Deon bêre sy trompet tot en met Covid-19 sy kop uitsteek en hy doen toe deur UDIMY 'n trompetkursus om regtig korrek te leer speel. Met Mimi se aanmoediging en haar liefde vir musiek geniet Deon homself nou terdeë!



**Afrigter Deon sit breëbors trots by sy kadetorkes tydens die Oos-Transvaal Finaal.**

Deon tree nou en dan in Kokanje op met sy trompet – ek dink hy het sy Kokante-debuut gemaak by die Kersliggie-geleentheid 'n paar jaar terug. Hy was ook by die Verskeidenheidskonsert en selfs by Johan en Pam Spies se troue. Hy is lid van Mimi se Kokanje-koor wat onlangs die uiters suksesvolle "Briewe aan Katryn" op die planke gebring het.

Deon was nog altyd lief vir koskook en beskuit bak. Tong in die kies vertel hy dat daar elke nou en dan 'n fondsinsamelingsprojek by die De Villierse is – onbeplande items wat skielik aangekoop moet word en daarom (en om uit die kwaad te bly en verveling uit te skakel) het hy in Kokanje 'n tuisnywerheidjie, genaamd *Deon se Beskuit*, begin. Op die Karnaval het hy by die Koop-en-Verkoop-Groep kom uitstal en al sy beskuit in 'n japtrap uitverkoop!




Iemand het hom daar gevra of hy "stink" beskuit (met aartappelsuurdeeg) kan bak en aangesien Deon van uitdagings hou, het hy 'n suurdeegplantjie bekom en nou bak hy growwe beskuit, anysbeskuit, boerbeskuit en aartappelsuurdeegbeskuit. Deon se uithalerbeskuit is in Liza's Kiosk te koop.

**Baie geluk. Doen so voort, Deon!**

# BEKENDSTELLING VAN SETTLERS AGRIMUSEUM



**GESKIEDENIS VAN DIE MUSEUM:**
In 2002 het die Sandstone Erfenis Trust naby Ficksburg 'n wêreldrekord-poging gereël om met 400 veteraantrekkers gelyktydig die lande van Sandstone Estates te ploeg. 886 trekkers het egter vir die poging geregistreer, waaronder 14 veteraantrekkers uit die Settlersomgewing.

**Hierdie poging het 2 gevolge gehad:**
1. Suid-Afrika was (kortstondig) die houer van die rekord in die Guinness Book of Records.
2. Die Settlers Veteraneklub het ontstaan – 'n aantal boere/afgetrede mans wat elke Woensdag saamwerk om ou trekkers te restoureer. Daar is ook waterpompe en enjins herstel tot werkende orde. Die behoefte aan 'n plek om die voltooide trekkers en enjins te bewaar en uit te stal, het gelei tot die oprigting van die Settlers Agrimuseum in 2010.

**Aan wie behoort die museum?**
Dit behoort aan die Springbokvlakte Boerevereniging wat al in 1905 gestig is.

**Die Museum is geleë** op die klein dorpie Settlers, op die Springbokvlakte, 'n florerende landbou-area naby die dorpe Modimolle (Nylstroom) en Bela Bela (Warmbad) in Limpopo, sowat 120 km vanaf Pretoria op die N1 Noord.

Die museum is verder uitgebrei met die verskuiwing van 'n **kerkie** wat in onbruik verval het op een van die plase. Hierdie kerkie is nou 'n **huishoudelike museum** en bevat onder andere 'n versameling van 69 ou naaimasjiene.

**'n Toegeruste werkswinkel** is onlangs op die terrein van die museum gebou en vanaf 2023 werk die Veterane elke Woensdag daar.

**Die dorpie Settlers** het 'n interessante ontstaansgeskiedenis. Na die Anglo-Boereoorlog het Milner met sy angliseringsbeleid bestaande plase in Transvaal en die Vrystaat verdeel en verkieslik beskikbaar gestel aan persone wat in *His Majesty's Forces* gedien het. Engelse soldate kon kroongrond besit op die platteland en sou die opbou van Boere-nasionalisme voorkom. Ongeveer 2 000 hektaar grond in die omgewing is verdeel in 38 plase en die dorpie het ontstaan.

**Besienswaardighede** – Die museum kan op afspraak besoek word, verkieslik op 'n Woensdag. Daar is 34 trekkers, 15 enjins en ± 160 modeltrekkertjies.



Die boerevereniging kan genader word vir plaasbesoeke.

Langs die strate is 'n laning huilboerboonbome aangeplant waarvoor die fondse beskikbaar gestel is deur die eerste inwoners. Daar is ook 'n moderne John Deere handelaar, 'n kliniek, 2 groot Engelse skole met koshuise op 'n boomryke skoolterrein, graansilo's van VKB/NTK, 'n kleuterskool en ander klein winkeltjies.

**Spesiale byeenkomste.**
Die Veterane hou elke 2de jaar 'n Opedag waartydens al die trekkers en enjins aangeskakel word en/of op die terrein gery word. Die laaste opedag is met groot sukses in Maart 2024 aangebied.

**Uitdaging en wenslys van die Veterane.**
'n Uitdaging is verseker genoegsame fondse om addisionele ou trekkers en enjins te herstel.

***Wenslysie**:* Dat ons 'n aantal jonger lede kan kry wat betrokke wil raak by die Veteraanklub. En dat die museum uitgebrei kan word om die enjins apart uit te stal sodat daar meer plek vir die trekkers is.

**Kontakbesonderhede:** Hannes van Heerden (082 651-2885), Gerrit Fourie (082 387-5008) en Jan van Blerk (082 770-5557).

(Wyle Robbie Weir en sy broer was stigterslede en daar is 'n paar Kokanje-Inwoners wat ook lid is/was van die Veteraanklub.)



Inligting vir ons verkry deur Veteraan **Nick Noeth**.

# 'N HELE PRAGTIGE DORP BINNE-IN 'N KOKANJE-HUIS!



In September 2019 het **Peter** en **Cornelia Hine** hulle intrek in Kokanje geneem en eers alles binnenshuis en in die tuin in orde gekry.

Gedurende 2020, en veral gedurende die Inperkingstyd, het **Peter** sy veeldoelkamer omskep in 'n asemrowende klein dorpie…

Sy belangstelling in modeltreine kom al vanaf sy 8ste jaar. Hy het sy intensiewe versameling treine, spore, landskappe, diere, mense (600!), bome, plante en gras, wat vanaf Johannesburg getrek het, uit die groot kartondose gepak en die tydsame proses van herbou en herontwerp van die landskap het begin!

Peter sê: "My hobby is for old people who have a lot of time and money available." Hy het toe juis weer 12 koeie, 6 perde en 120 mense (alles volgens skaal) aangekoop en hy moes dit verf voor dit op spesifieke, voorafbepaalde plekke staangemaak is. Die spore is alles van nikkelsilwer en die ballas is aan die sykante geverf om 'n geroeste voorkoms daaraan te verleen.

Baie items, soos noubote, ontwerp en bou hy self van balsahout. Die rantjies en klowe is vervaardig van polistireen en Polyfilla. Selfs die nagemaakte gras is op spesiale (elektrostatiese) manier behandel, sodat hulle regop/skuins staan, soos regte gras, wanneer dit in die gom "geplant" word. Nog detail is die "cat on the hot tin roof" en die uil in die boomtop! (Die skaal wat gebruik word: 2.2 mm = 1 voet.)

**Die veertiger- tot sewentigerjare word weergegee:**

**Aan die een kant** is 'n replika van die "WWII Royal Airforce base in England" en interessante stasies en plekkies soos "Dangley End, Crinkly Bottom, Queen Victoria Inn, Shunters Bar, etc." kan ontdek word tussen die plaashuise, winkeltjies, weivelde, kanale, treinspore en -stasies.



**Aan die ander kant** is 'n presiese replika van Peter se familiekasteel, "Crathes Castle", Banchory, naby Aberdeen in Skotland. Peter vertel dat die tuine tuis veel groter spasie inneem en hy het slegs 'n klein



deeltjie daarvan weergegee in sy skaallandskap.

Peter nooi belangstellendes om hom te skakel om 'n besoek by hom af te lê. Julle kan die verskillende klanke/fluite hoor en die ingewikkelde, uiters tegniese radiobeheerde (digitale kontrole) gesamentlike roetes van al die treine besigtig! Sel: 082 892-7529.

Peter is ook 'n kranige en geliefde verhoogkunstenaar, en hy het die pragtigste liedjies gesing tydens die onlangse Konsert!

**Cornelia** het haarself ook goed besig gehou – sy doen die allerpragtigste kruisiesteek muurbehangsels. Gedurende die afgelope 25+ jaar het sy meer as 30 voltooi – onder andere vir elkeen van hulle kinders, 10 kleinkinders en 6 agterkleinkinders!

Watter wonderlike stokperdjies – hulle wend werklik hulle Godgegewe talente so kwistig aan!





**Rita Noeth**

## KOKANJE-KLUBS

Al die Kokanje-klubs is nou gesluit tot vroeg in Januarie 2025.

Hulle bestuur wens al die Inwoners 'n baie aangename Feesseisoen toe en sien uit daarna om bestaande en nuwe lede daarna terug te verwelkom!

**Geniet julle vakansietyd saam met familie en vriende.**

## SENIORS' WHATSAPP TEXTING CODES and FACEBOOK

The young ones use a lot of abbreviations in their text messages.
**Watch the Oldies!**

| | |
|---|---|
| FWIW: | Forgot Where I Was. |
| BTW: | Bring The Wheelchair. |
| ROFL&CGU: | Rolling On The Floor Laughing... and Can't Get Up. |
| LOL: | Living On Lipitor. |
| OMG: | Oy, My Grandchildren! |
| IMHAO: | Is My Hearing-Aid On? |
| ATD: | At The Doctor. |
| GHA: | Got Heartburn Again. |
| GGPBL: | Gotta Go, Pacemaker Battery Low. |
| LMDO: | Laughing My Dentures Out. |
| BYOT: | Bring Your Own Teeth. |
| CBM: | Covered By Medicare. |
| CUATD: | See You At The Doctor. |
| WRU: | Who are you? |

Thanks to Ruth Quinn and others.

### A SENIOR'S VERSION OF FACEBOOK

**For those of my generation that do not, and cannot, comprehend why Facebook exists:**

I am trying to make friends outside of Facebook while applying the same principles.

Therefore, every day while I am walking down the street I tell passers-by what I have eaten, how I feel at the moment, what I have done the night before and what I will do later and with whom.

I give them pictures of my family, my dog, of me gardening, taking things apart in the garage, watering the lawn, standing in front of landmarks, driving around town, having lunch, and doing what anybody and everybody does every day.

I also listen to the passers-by's conversations, give them "thumbs ups" and tell them I "like" them.

And it works just like Facebook! I already have 4 people following me: 2 police officers, a private investigator and a psychiatrist!



Sent in by **Tina Brits**.



## OEFEN WEER 'N BIETJIE OP JOU FOON...

1. **Merk WhatsApp-boodskappe sodat jy later aandag daaraan kan gee**:
Druk op die persoon/besigheid se WhatsApp. Die agtergrond word groen gekleur en het 'n √ daarby.
Druk ⁝ regs bo en kies "Mark as unread". Daar is nou 'n groen kolletjie aan die regterkant.
Nadeel: Indien daar nuwe boodskappe inkom of jy in daardie WhatsApp ingaan, verdwyn die groen merkerkolletjie. Merk weer.

2. **Maak 'n WhatsApp-Groep heeltemal skoon, tesame met foto's wat daarby pas:**
Maak Groep oop en kyk na boodskappe.
Druk ⁝ regs bo en kies "More" en dan "Clear Chat" met die opsie "√ Also delete media received in this chat from the device gallery."
As jy per abuis "Exit Group" gedruk het, sal jy die Administrateur van die Groep moet kontak om jou weer op die Groep toe te laat. Dit neem gewoonlik 'n paar ure voor jy weer 'n lid sal kan wees.

3. **Indien jy verkeerde inligting deurgestuur het:**
Druk en "highlight" die verkeerde boodskap.
Druk ⁝ regs bo en kies "copy".
Druk onmiddellik die asblikkie en "delete for everyone" (you deleted this message).
Druk op "Message"-tikspasie en "Paste".
Korrigeer nou die boodskap en stuur weer.

4. **Persoon se selfoon bly beset en/of word nie geantwoord nie:**
Stuur 'n WhatsApp boodskap en wag geduldig...

# SOEK DIE BAL!

***"I hit a gholfball in the air***
***It fell to earth***
***I don't know where!"***

Dit is die oulike versie by **Joan Schoeman** (wat al 13 jaar in Kokanje woon) se 40 X 40 cm rangskikking onder die afdeling "Hide and Seek", wat van bo af beoordeel is.

Die pragtige rangskikking het haar onlangs die 2de plek besorg by die Suid-Afrikaanse Flora Unie Kongres in St. Francisbaai.

Die kunstige Joan is op die bestuur van die Kultuurkomitee en haar handewerk is dikwels in Kokanje te sien – rangskikkings op die toonbank in die Voorportaal en/of by Kerkdienste. Sy is ook by VLU Noord betrokke as Beoordelaar: Kuns en Kunsvlyt en neem in Gauteng deel aan blommerangskikkingkompetisies.

Die Voetslaanklub het in die verlede gereeld gaan stap op **Joan** en **Jurie** se plaas, Vygeboomspoort en dit was vir hulle so aangenaam om die lede daar te ontvang.



Tydens die Karnaval het iemand in my oor gefluister dat die "stalletjies en kuier onder die bome" eintlik Joan se droom vir Kokanje was – nadat sy die gewilde markte in George en omgewing besoek het. Die idee is met **Elma** en **Albert Venter** gedeel en **Chris Shepherd** en sy **Karnavalspan** van 'n paar jaar gelede het die harde beplannings- en uitvoeringswerk gedoen om dit tot stand te bring.

**Groot dank**
aan almal wie se idees, samewerking en deursettingsvermoë Kokanje so uniek en suksesvol maak!

**Rita Noeth**

Plantmateriaal wat vir rangskikking gebruik is, het alles van Kokanje gekom.







# MOENIE SOENIE!

Weduwee Lina Korb het 'n foto ingestuur en laat weet dat sy haarself in 'n baie benarde posisie bevind...

Sy het die volgende klein paddatjie in haar tuin ontdek en vra haarself af:

**"Wil ek weer 'n prins in my lewe toelaat?** Veral omdat my oorlede prins so enig in sy soort was... en wat gebeur as die nuwe prins dalk Klein Duimpie is en ek hom moet versorg in plaas van anders om?"





Ons Kenner, **Marita Beneke**, het Lina se klein prinsie uitgeken as 'n **Gestreepte Rietpaddatjie (Painted Reed Frog)** – hulle is nou volop in Kokanje en hulle kleure en voorkoms wissel taamlik.

✿ Meer inligting: Google Painted Reed Frog en luister ook na hulle hoë trilgeluidjies.



Bladsy geborg deur **Bokkie en Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.

# ABBA-PRAATJIE
## (September 2024)
# INTERNASIONALE DAG VAN BEJAARDES

Die Internasionale Dag van Bejaardes word elke jaar op 1 Oktober gevier. 2024 is die 34ste jaar vandat dit deur die Verenigde Nasies ingestel is in 1990.

### Die doel van die dag is:

**Erkenning en Waardering:**
Dit is 'n geleentheid om die bydraes van bejaardes te erken en te waardeer, of dit nou in hul gesinne, gemeenskappe of in die breër samelewing is.

**Bewustheid en Ondersteuning:**
Die dag help om bewustheid te verhoog oor kwessies soos gesondheid en finansiële sekuriteit, en om aandag te vestig op die probleme met hulle algemene welstand, soos bv. veroudering en/of mishandeling.

**Temas:**
Elke jaar het 'n spesifieke tema wat fokus op 'n bepaalde aspek van bejaardes se lewens en die tema hierdie jaar is

**"VEROUDERING MET WAARDIGHEID –**
Die belangrikheid om
Sorg- en Ondersteuningsisteme
vir bejaardes te versterk."

**BEJAARDES** is soos **BOME** en hulle dien as die **BAROMETER** van die samelewing. As bejaardes gesond en sterk is, met goed gevestigde wortels, sal hulle ook pragtige blomme en vrugte dra.

Populasie-veroudering is 'n WÊRELDWYE NIE-TERUGDRAAIENDE TENDENS.

- In 2021, was 1 uit 10 mense wêreldwyd 65 jaar of ouer.

- In 2050, word geprojekteer/voorspel dat 1 uit 6 mense 65 of ouer sal wees.

- Vrouens is geneig om langer as mans te lewe en hulle is dus in die meerderheid.

- Daar word voorspel dat die individue wat as "die ouer werkende-ouderdom" (55 to 64 jaar) gekategoriseer is, sal groei van 723 miljoen in 2021 tot 1,075 miljoen in 2050.

**DIT IS DUS BELANGRIK HOE DIE LAND NA HIERDIE OUERDOMSGROEP OMSIEN EN HULLE VERSORG EN DAAR MOET NOU REEDS PRO-AKTIEWE MAATREËLS IN PLEK GEPLAAS WORD OM DIE WELSTAND VAN ONS SENIORS TE VERSEKER.**

**Die rol van Ondersteunende Omgewings/gemeenskappe (van kardinale belang):**

1. **Die balansering van die bejaarde se eie kapasiteit:**

Die vermoë van die ouer persoon om self belangrike take te verrig en om in dag-tot-dag aktiwiteite betrokke te wees.

2. **Handhawing van eie onafhanklikheid:**

Ondersteunende omgewings speel 'n kardinale rol om ouer individue te help om hulle aktiwiteitsvlakke en onafhanklikheid te behou.

Aangesien die bejaarde nie die Staat se grootste prioriteit was/is nie, moet ons –

**EERSTENS:**
**SELF ESSENSIËLE TAKE VERRIG OM NA ONS EIE WELSYN OM TE SIEN.**
**TWEEDENS:**
**NIE NET VERWAG DAT ANDER VIR ONS 'N ONDERSTEUNENDE OMGEWING GAAN SKEP NIE, MAAR DAT ONS SELF 'N ROL DAARIN SPEEL.**

### 1. NA EIE WELSYN OMSIEN:

**EMOSIONEEL**

**Voorsorg:**
Ken die Uitvoerende Bestuurder, die Personeel, jou bure, vir Liza/Alézea by die Snoepie/Liza's, die haarkapster, die dokter, ens.

Besef dat jou gade en naasbestaandes nie altyd naby is nie of dat hulle dalk gaan siek word of te sterwe gaan kom.

Verhoed vereensaming – gaan besoek mense of nooi hulle oor wanneer jy huisgebonde raak en jou fisiese kragte afneem.

Probeer om jou emosies te identifiseer en te benoem, soos "Ek voel kwaad" of "Ek voel hartseer." **Maar, hou op om daaroor te top.**

**Fokus op jou asemhaling:**
Wanneer jy oorweldig voel, neem 'n paar diep asemteue om jou liggaam en gees te kalmeer.

Maak tyd vir aktiwiteite wat jy geniet en wat jou laat ontspan, soos om te lees, te stap, of na musiek te luister, te brei/hekel of doen houtwerk in jou motorhuis of werk in die tuin.

Deel jou gevoelens met iemand wat jy vertrou – 'n familielid, 'n vriend of 'n Terapeut/Maatskaplike Werker.

**INTELLEKTUEEL**
Leer die rekenaar en selfoon beter ken.

Luister nuus/leersame programme/lees artikels en interessante boeke van die Kokanje-Biblioteek.

# ABBA –
# INTERNASIONALE DAG VAN BEJAARDES (Vervolg.)

Pak nuwe dinge aan en leer soveel moontlik daarvan.

Doen Blokkiesraaisels/Soduko en hou die brein besig by die HoeSo?!-Groep.

**FISIES**
Wees aktief – gaan stap, speel rolbal of jukskei, doen lyndanse of selfs stoeloefeninge.

Hou u gewig dop.

Gaan gereeld vir mediese ondersoeke.

Versorg u liggaam, kyk na u higiëne en voorkoms.

RAAK AAN MEKAAR – GEE DRUKKIES.

**MAATSKAPLIK**
Toon respek vir mekaar. Dit voorkom agressie/konflik in u lewe.

Liefde is 'n werkwoord – opoffering van jou eie gerief ter wille van iemand anders s'n.

Aanvaar waardeverskille – oor godsdiens, politiek en lewensuitkyk.

Maak kuiertyd by ander. Ander moet uitsien na jou teenwoordigheid.

Gebruik jou talente – brei, klavier speel, dig, ens.

**GEESTELIK**
Maak kwaliteit tyd met God. Tyd is nou aan jou kant – gebruik dit nuttig. Straal Christus uit.

## 2. ONDERSTEUNENDE OMGEWING SKEP, WAARIN ONS SELF 'N ROL SPEEL.

**Wees 'n "gee-mens".** Daardie persoon wat graag met ander deel: Eetgoed uit die yskas of die oond; vrugte of plantjies uit die tuin; gereedskap om 'n vriend te help met herstelwerk; en 'n mooi bos blomme uit die tuin.

Deel jou tyd en geduld om hulp te verleen met iemand se nuwe selfoon, rekenaar, breipatroon of om sekere vorms in te vul.

Dien op jou klub of komitee se bestuur.

Verleen hulp by die KE se Demensiestimulasiegroep (Afdeling D en E), Voedseldiens se opskepsessies en waar ook al u hulp benodig word soos –

1. **Besoeke en Geselskap:** Spandeer tyd saam met 'n Inwoner wat dalk nie familie naby het nie.

2. **Boodskappe en Inkopies:** Help mense wat nie meer goed sien, nie meer vervoer het of beweeglik genoeg is nie.

3. **Huiswerk en Onderhoud:** Help met klein herstelwerkies of tuinwerk wat iemand anders dalk nie meer self kan doen nie.

4. **Vervoer:** Bied aan om hulle na doktersafsprake of sosiale geleenthede te neem.

5. **Tegnologie-hulp:** Help hulle om tegnologie te verstaan en te gebruik, soos om 'n selfoon of rekenaar te gebruik om met familie en vriende in kontak te bly.

6. **Gemeenskapsaktiwiteite:** Nooi hulle uit na gemeenskapsgeleenthede of aktiwiteite waar hulle ander mense kan ontmoet en sosiaal kan verkeer.

7. **Luister en Ondersteun:** Soms is die beste hulp net om te luister en emosionele ondersteuning te bied.

### Toekomstige projekte waar u as OMGEEMENS betrokke kan raak:

- Groep om vereensaming te bekamp.
- Rolstoelgebonde Inwoners in Kokanje rond te stoot.
- Stimulasiegroep om ook Inwoners in Saal A , B en C van die KE te bedien.

### Onthou hierdie waardevolle woorde:

1. **"Goeie dade is die ongesiene blomme in die tuin van die lewe."** Hulle bring vreugde en skoonheid, selfs al word hulle nie altyd raakgesien nie.

2. **"Elke klein daad van goedheid is 'n stap in die rigting van 'n beter wêreld."** Selfs die kleinste gebare kan 'n groot verskil maak.

3. **"Wanneer jy goed doen, plant jy sade van geluk in ander se harte."** Goeie dade het 'n manier om ander te inspireer en te motiveer.

4. **"Goedheid is die taal wat die dowes kan hoor en die blindes kan sien."** Dit is universeel verstaanbaar en het 'n diep impak.

*BEHALWE DAT 'N BOOM SKADUWEE BIED,*
*VRUGTE DRA EN MENSE VOED,*
*BLYDSKAP BRING MET SY PRAGTIGE BLOMME EN BLOEISELS,*
*IS 'N BOOM OOK 'N TEKEN VAN GROEI.*
*ONS MAG NET NOOIT OPHOU OM DIE WORTELS TE VOED, TE BEMES EN DIE HELE BOOM TE VERSORG NIE.*

**JULLE AS BEJAARDES IS DIE BAROMETER VAN DIE SAMELEWING EN ONS SALUEER JULLE!**

**Henriëtte Els**



# UIT DIE BIBLIOTEEK –
## BOEKBESPREKING, LAASTE KWARTAAL VAN 2024

**AL WAT TEL –**
**IRMA VENTER.**

Hierdie boek is die 3de in Irma Venter se krimi-reeks met die Joernalis Ami Prinsloo as hoofkarakter. Die eerste 2 boeke (MINDER AS NIKS en DIE VERKEERDE VROU) is reeds 'n rukkie op ons rakke.

Toe Ami hoor dat 'n man voor haar Gimnasium geskiet is, weet sy daar is moeilikheid. En die feit dat die Valke op die toneel is, sê vir haar nog iets: Die man was belangrik.

Was dit 'n sluipmoord? Wie is die jong blonde vrou wat saam met die slagoffer was? En wat is dit wat die speurder by die misdaadtoneel optel en in sy sak druk?

Voor Ami egter hierdie raaisels kan oplos, kruis haar pad met dié van 'n Duitse joernalis, Marc Gottler. Hy ondersoek bewerings van 'n ontstellende voorval in Mosambiek, 'n paar kilometer anderkant die grens van Suid-Afrika. Is daar werklik 'n verband tussen die 2 stories, soos Marc Gottler vermoed? Die enigste oplossing is om die pad te vat, die wildernis in, waar Ami gedwing sal word om uit te vind wat vir haar die meeste saak maak.

**'N KWESSIE VAN TYD –**
**DOC MARTIN.**

'n Storm sak uit oor 'n Engelse herehuis waar 'n jong vrou grusaam vermoor word. Sy neem 'n eienaardige geheim na haar graf toe en die moordenaar verdwyn spoorloos in die nag.

Twintig jaar later, by een van die wêreld se mees eksklusiewe perdewedrenne, is dit die buiteperd wat onverwags die kroon wegdra. In een van die losies staan Henry Clarke stomgeslaan. Hy het pas iets onmoontliks sien gebeur.

Op 'n klein wildsplaas in die noorde probeer Jan Brand vir hom so tussen die stof en droë rivierlope 'n nuwe lewe staanmaak.

Vir so 'n jong man het hy al baie beleef. Nes hy gemaklik begin raak met die plaaslewe, ontvang hy egter 'n uitnodiging van sy skatryk buurman, die einste Henry Clarke. Henry wil Brand as privaatspeurder aanstel om 'n raaisel binne ruitersport op te los.


Kort voor lank vertrek Brand dus na Kaapstad, waar 'n geheim begrawe deur tyd, geld en mag op hom wag – maar ook saam met diegene wat sal moor om dit verskuil te hou.

**PARIS LIBRARY –**
**JANET SKIESLIEN CHARLES.**

Odile Souchet is obsessed with books, and her new job at the American Library in Paris – with its thriving community of students, writers and book lovers – is a dream come true. When war was declared, the Library is determined to remain open. But the Nazis invade Paris, and everything changes. In occupied Paris, choices as black and white as the words on a page become a murky shade of grey – choices that will put many on the wrong side of history, and the consequences of which will echo for decades to come.

**THE MAN WHO DIED TWICE –**
**RICHARD OSMAN.**

Elizabeth has received a letter from an old colleague, a man with whom she has a long history. He's made a big mistake, and he needs her help. His story involves stolen diamonds, a violent mobster, and a very real threat to his life. As bodies start piling up, Elizabeth enlists Joyce, Ibrahim, and Ron in the hunt for a ruthless murderer. And if they find the diamonds, too – well, wouldn't that be a bonus? But this time they are up against an enemy who wouldn't bat an eyelid at knocking off 4 septuagenarians. Can the Thursday Murder Club find the killer (and the diamonds) before the killer finds them?



**Saartjie Smit**

**(Sien kleurcollage op bladsy 13** vir Nasionale Boekedag en Boeke wat in ons Biblioteek te vinde is.)

**Biblioteek-statistiek**

| | |
|---|---|
| Ledetal: | 350 – 390. |
| Bestuur: (Voorsitter), | Saartjie Smit<br>Maryna Hattingh, Tina Brits, Wena de Kock en Susan Fourie. |
| Biblioteektye: | Maandae en Donderdae, 09:00 tot 11:15. |
| Kersvakansie: | 13/12/24 – 5/1/25. |
| Ledegeld: | R30 p/p per jaar. |

Daar is pragtige boeke op die rakke, geskryf deur baie gewilde Afrikaanse en Engelse skrywers. Party boeke is pas vrygestel en ander reeds lank terug. Daar is ook 'n hele paar boeke in Grootdruk – op rugkante gemerk met 'n rooi plakker.

Lede mag 4 boeke uitneem en dit na 2 weke terugbesorg. Tydens die Kersvakansie mag lede 8 boeke uitneem om lekker rustig te gaan lees.

Indien lede nie op Maandae of Donderdae boeke persoonlik betyds kan terugbesorg nie, kan boeke deur die gleuf in die Biblioteek se voordeur "teruggepos" word.

Boeke word geskandeer en die ingee- en uitneemproses geskied blitssnel, want dit is gerekenariseer.

**Kom sluit in 2025 by ons aan!**

# KOKANJE/HOLLARD-GHOLFDAG – 2024

**(Sien kleurcollage op bladsy 49.)**

Die Kokanje/Hollard-Gholfdag is aangebied deur ons SOD-Advieskomitee (Sport-en-Ontspanning en Dienste) wat ook die Kokanje-Karnaval jaarliks organiseer.

Die gholfdag is deel van die Kokanje-Karnaval, maar vind net op 'n later datum plaas. Die doel van hierdie jaar se gholfdag was om fondse in te samel ter ondersteuning van die Kokanje-Hulpfonds, sowel as om die SOD-Fonds te verstewig. Die SOD-Fonds is in die lewe geroep om te help om die sportfasiliteite van Kokanje in stand te hou en op te gradeer, waar nodig, sonder om by die Direksie aan te klop vir fondse. Dit help dus om ons heffings laag te hou!

Dit is baie duur om die Koro Creek-Gholfbaan vir 'n dag te bespreek, veral 'n Saterdag, daarom gebruik ons die goedkoper weeksdag-opsie. Ons is baie dankbaar dat Hollard, ons korttermynversekeraar, sowel as die makelaar Garrun, en Old Mutual, wat die Kokanje-Pensioenfonds bestuur, die gholfdag so ruim geborg het. Verskeie Kokanje-Kontrakteurs het ook hulle hande baie diep in hul sakke gesteek met borgskappe vir en deelname aan ons gholfdag.

Die sakelui van Modimolle is Kokanje baie goedgesind en het ruim bygedra tot borgskappe vir, asook deelname aan die toernooi. Verskeie besighede het pragtige en nuttige pryse geskenk en Kokanje is hulle innig dankbaar. **Ons vra dus hiermee dat ons Inwoners al ons borge heelhartig ondersteun en hulle aanbeveel by familie en vriende.** Ons borge kry gewoonlik 'n skriftelike bedankingsbrief van die SOD-Gholfkomitee en hierdie jaar word daar ook 'n spesiale funksie vir ons borge gereël om hulle te bedank vir hul ondersteuning oor die afgelope jare.

Die gholfdag was een groot fees, met 'n fantastiese gees onder spelers en ondersteuners. Die Kokanje-Rolbalklub het 'n worsbroodjiestalletjie beman, Naaldwerk/Lyndansdames het pannekoeke aan spelers verskaf en die Voedseldienskomitee het boepensbroodjies aan honger spelers voorsien – **alles gratis**... By elke stalletjie was spesiale "medisyne" vir stof in die oog of om te help om beter te korrel, tot groot vermaak van spelers en toeskouers!

Die magdom pryse, wat deur sakelui geskenk is, die sanger en die prysuitdeling self, het bygedra tot 'n baie gemoedelike en gesellige atmosfeer.

Hierdie wonderlike dag was werklik 'n vertoonvenster van Kokanje – dat ons eintlik 'n **"Kwaliteit Leefstyl"-Aftreeoord** het. In Kokanje is ons te besig om 'n vol lewe te geniet, daar is nie tyd vir oudword nie!

**Charl Stander**



## Groot dank aan die Gholfdag-borge!

**Action Ford**
**Alfa Glass**
**ATKV Klein Kariba**
**Bate Konstruksie**
**Belanet**
**Bidvest Prestige Cleaning**
**Blue Bottle Bottle Store**
**Bosvleis Deli**
**Concise**
**D2 Konstruksie**
**Dynamic Collaboration**
**Ecorenergy**
**EV-Global**
**Fortecare**
**Garrun Group**
**Hollard Insurance**
**Juma Security**
**Megs Waterberg**
**Modimolle Spares**
**Nashua**
**NTK/VKB**
**Ocean Basket**
**Old Mutual**
**Plek van die Vleisvreters**
**PMD Plumbing**
**Postnet**
**PSG Beleggings**
**SAMPADA**
**SANLAM**
**Servest Landscaping**
**SPUR Restaurant**
**Van Heerden Apteek**
**Weesgerus vakansieoord.**

**Slaat hom, Desmond!** ⟹



# LIMPOPO se JUKSKEILEGENDEDAG 2024

Limpopo Jukskeibestuur hou jaarliks 'n byeenkoms van uitgesoekte top jukskeispelers in Suid-Afrika, waartydens vooraf geïdentifiseerde jukskeilegendes vereer word vir hul bydraes tot die ontstaan en groei van jukskei. Hierdie geleentheid het 'n gesogte naweek op jukskeispelers se agenda geword en groot mededinging vind plaas om deel van die uitgesoekte groep spelers te wees. Nog 'n doelwit met die byeenkoms is om Limpopo-jukskeispelers en belangstellendes geleentheid te gee om topgehalte jukskei te beleef waar verskeie Springbokke en provinsiale spelers met mekaar meeding. Dit kan nie net die gehalte van Limpopo-jukskei verbeter nie, maar ook geesdrif skep by belangstellendes om jukskei te begin speel.

8 jukskeispanne is aangewys om teen mekaar te speel op Saterdag, 10 Augustus 2024, op die pragtige bane van Kokanje-Aftreeoord. Die belangstelling in die dag was egter so groot dat 30 toeskouers saam met die spanne opgedaag het vir die naweek om deel van die verrigtinge te wees. Hulle het van sover as die Wes-Kaap, KZN, Noord-Kaap, Suid-Vrystaat, Gauteng en Mpumalanga gekom en verblyf en etes is vir almal gereël by Bergkoninkryk en Sikilele-oorde in Modimolle se omgewing. Spelers en gaste het reeds van Donderdag af opgedaag en almal het weer Sondag na hul tuistes vertrek. Vrydagaand is 'n spoggeleentheid gehou vir almal by Bergkoninkryk met 'n skaapbraai en boerekos wat voorgesit is.

Tydens die geleentheid is 2 jukskeilegendes vereer. Die eerste een is **Peet Struwig**, in lewe 'n onderwyser wat reeds sy nasionale debuut in 1946 gemaak het tydens die Suid-Afrikaanse jukskeitoernooi.



Hy was 'n uitmuntende jukskeispeler en waarskynlik sy tyd ver voor wat betref die kwaliteit van sy spel. Hy is ook vereer met Springbokkleure van 1946 tot die einde van die vyftiger jare, die meeste daarvan ook as kaptein van die span. Die Voorsitter van die destydse Jukskeiraad, M. P. Prinsloo, het 'n berig oor hom geskryf as **"die volmaakte jukskeispeler"** en verskeie stories word nou nog deur jukskeispelers vertel oor sy ongelooflike skofte wat hy gegooi het. **Baie interessant is dat hy en sy gade afgetree het by Kokanje, waar hy etlike jare nog sosiaal gespeel het (tot op 90-jarige ouderdom) en waar beide oorlede is.** 'n Sitbank met hul name daarop gegraveer staan nou nog langs een van die jukskeibane van Kokanje.

Die tweede persoon wat vereer is as 'n legende is **Charl Marais**, in lewe 'n druiweboer en wynmaker in die Slanghoekvallei in die Wes Kaap. Hy was nie net 'n kranige jukskeispeler wat verskeie kere Springbokkleure verwerf het nie, maar het ook op jukskeibesture plaaslik en nasionaal gedien en was ook Voorsitter van die SA Jukskeiraad. 'n Ware jukskei-uitblinker in alle opsigte.

Op Saterdag, 10 Augustus om 08:00, het die fluitjie op Kokanje se jukskeibane die begin van die eerste wedstryd aangekondig en 8 spanne het die penne laat klap.

Toeskouers het die bane toegepak om te sien hoe jukskei nou eintlik gespeel moet word en die meeste was absoluut verstom oor die vaardighede wat tentoongestel is. 17:00 die middag het spel tot 'n einde gekom en die wenspan is bepaal. Mededinging was straf en die punteverskille tussen die spanne klein. Wat ook merkwaardig van die spel tussen topgehalte spelers was, was die pragtige gees waarin mededinging plaasgevind het.

Uiteindelik was die dag 'n reusesukses vir spelers, toeskouers en borge en vir stalletjies wat verversings aangebied het. Die aand is afgesluit met 'n heerlike vleisbraai by Bergkoninkryk en almal was in ekstase oor die gebeure van die naweek.

Groot waardering moet gaan aan **Pieter Matthyser en sy span (van die Kokanje-Jukskeiklub)** met die voorbereiding van die jukskeibane om aan nasionale standaarde te voldoen en ook vir al die reëlings met verversings wat die dag voorgesit is deur verskeie ander klubs van Kokanje. Dit het 'n groot bydrae gemaak om die sukses van die dag te verseker.

**Matie Coetzee**

Die reëlingskomitee was Tertius Uys, De Graaff en Lida Genis en Matie en Daleen Coetzee.

**(Sien kleurcollage LANGSAAN.)**







Wyle Peet Struwig –
een van die legendes vereer op
**JUKSKEILEGENDEDAG**



















MARTIN'S, Modimolle,
een van die Borge.







# ONS WINKEL
## NYLSTROOM (Pick'nPay Sentrum)

## *Dit is tyd vir regpak!*




### *Stap 1*

**Sorteer jou items in drie verskillende bokse: "hou", "skenk" en "gooi weg".**



### *Stap 2*

**Pak jou skenkingsitems netjies in bokse of swart sakke.**



### *Stap 3*

**Besoek www.onswinkel.co.za om jou naaste Ons Winkel op te spoor.**



### *Stap 4*

**Gaan laai die skenkingsitems by jou naaste Ons Winkel af, of skakel ons om gebruik te maak van ons oplaaidiens.**

Skakel Heléne by 0828919098

**Raak moeiteloos van jou ongebruikte of oortollige items ontslae.**

# ONS WINKEL

## Waarvoor word die fondse gebruik wat die Ons Winkels genereer?

Dit dra by tot die Helpende Hand Studietrust (HHST) wat rentevrye studielenings aan hulpbehoewende Afrikaanse studente bied wat anders nie sou kon bekostig om te gaan studeer nie.

Dit dra by tot die salarisse van maatskaplike werkers wat uitdagings in gemeenskappe kan aanpak.

Dit dra by tot streeks- en gemeenskaps projekte.

Gemeenskappe reg oor die land kan bygestaan en versterk word te danke aan die items wat jy skenk en koop.

WWW.ONSWINKEL.CO.ZA










**WYLE LEON EKSTEEN SE STOKPERDJIE – 'N PRAGTIGE NALATENSKAP! 70D**













MANZI™
WATER GIVING LIFE
The Water
REFILL PROCESS
Bring
Refill
Enjoy
Refill at R1.20
SAND FILTRATION
ELEMENT FILTRATION
REVERSE OSMOSIS
CARBON FILTRATION
UV PROTECTION
OZONE TREATMENT
Hervul van Waterbottels
PENSIOENARISSE
SLEGS 90c PER LITER
Terms & Voorwaardes geld
MANZI
079 743 5023
H/v Thabo Mbeki & Nelson Mandela
Shop 5, Esther Gebou, MODIMOLLE


BERGKONINKRYK
KERSFEES GROETE
Mag die grootste geskenk wat jy
die feestyd ontvang,
die wees van liefde, vreugde,
vrede, gesondheid en geluk.
Dankie vir julle ondersteuning
gedurende die jaar
Groete
Jopie en Sulita


DELI-KISSIE BAKKERY &
RESTAURANT
Soet, Sout & Smullekker!
PENSIOENARIS
WOENSDAE
KOPPIE KOFFIE/
TEE GRATIS SAAM
ENIGE ONTBYT
ONTBYT• LIGTE ETE'S • VARS
BRODE• KOEK & NAGEREG
082 704 3315
200 Kerk Straat, Nylstroom
Draai af by Total Garage & NG Kerk Waterberg en volg die pad vir
1.7km dan is ons op jou linkerkant.


STUDIO H
THE ART OF HAIR DESIGN
UNISEX SALON
Herman Niewenhuis
Kerkstraat 105, Modimolle
Sel: 061 354-0459



# REVUE – BRIEWE AAN KATRYN



















# KOKANJE-KULTUURKOMITEE

'n Mens kry verskillende mense, wat op verskillende plekke en op verskillende tye deel word van mekaar se lewens. Van vroeg reeds was daar verskillende mense wat van verskillende dinge gehou het. Soms is ons in 'n rigting ingedwing en soms het dinge rondom ons sommer net vanself rigting gekry.

So 'n ding is Kultuur. Volgens die HAT-woordeboek is kultuur "Die ganse geestelike besitting van 'n volk of groep op elke lewensterrein; die geesteslewe en die beskawingstoestand van 'n groep." Kultuur word van een geslag na die volgende deur 'n leerproses oorgedra en so is dit dan ook in ons geliefde Kokanje-aftreeoord.

Kokanje het 'n ryk kulturele geskiedenis wat reeds sedert sy ontstaan 'n baie belangrike rol in die daaglikse handel en wandel speel. Die doel van die Kokanje-Kultuurkomitee is om sonder winsbejag bekostigbare en aangename vermaak aan die Inwoners te verskaf.

Ons is 'n gedrewe groepie wat regtig probeer om 'n verskil te maak en in retrospek van die afgelope jaar kan ek met vrymoedigheid sê:

**"Ons, as Kultuurkomitee, was suksesvol!"**

- Barry van Rensburg en Dawie Rotteveel met Woord en Lied.
- Melkkosaand met Dawie Rotteveel.
- Afrikaanse Boekedag.
- Briewe aan Katryn Revue.
  **(Sien Kleurcollage LANGSAAN.)**
- Pretoria Mannekoor.
- Huiskonsert.
- Aanskakel van Kersliggies.

Dankie aan ons mede-Inwoners wat deel gehad het aan hierdie 2024 suksesverhaal en met ongelooflike entoesiasme en toegewydheid saamgewerk het. Daar is baie wat agter die skerms gebeur voordat enige produksie aangebied kan word!

Met baie nuwe Intrekkers die afgelope jaar doen ons 'n optimistiese beroep om by ons aan te sluit en betrokke te raak. Volgende jaar vier ons Kokanje se 40ste bestaanjaar en het heelwat nuwe idees. Ons het gewillige hande en entoesiastiese deelname nodig.

**Kom verryk ons met jou ervaring en nuwe idees wat ons na hoër hoogtes kan neem!**

Ons wens almal 'n baie geseënde Feestyd en 'n opwindende en voorspoedige 2025 toe.



**Xandrie Keyter**

# BLOMBRUG...

Skilder **Naomie van der Sandt** is deel van Stadsraadslid Wiets Botes en wyle Burgemeester Marlene van Staden se Modimolle-"Aksie Opknap" wat 2 jaar gelede in die lewe geroep is.

Naomie het onlangs die brug vir die 2de keer versier met sonneblomme (haar oorlede kleindogter se gunstelingblom). Dit kos baie lae verf om die growwe en poreuse sementoppervlak mooi te bedek – verf en kwaste wat by Build-it gekoop word met hulle borg, **Toyota**, se donasiegeld...

Dit is maar 'n benoude ondervinding om rustig te staan en skilder, so naby aan die verkeer wat langs jou verbyvlieg...

Henna Nothnagel en 'n paar helpers laai Naomi om die beurt daar af en/of bring ietsie vir haar droë keel.

Naomie help ook met die verfraaiing van die openbare tuine in Modimolle.






**Naomie van der Sandt se handewerk.**

# KOOP-EN-VERKOOP-GROEP FLOREER




**Hierdie Gratis WhatsApp-diens is spesiaal in die lewe geroep vir gebruik deur Kokanje-Inwoners en hulle kinders, familie en vriende, asook persone in Modimolle en omgewing.**

11 Januarie 2025 sal DV die 2de verjaarsdag van die Groep wees.

Daar is tans 740 lede – van binne en buite Kokanje en vanaf die Kaap tot in Zambië. Daar was eintlik heelwat meer lede wat van die Groep gebruik gemaak het (om ouers se huise te ontruim) en nadat hulle in hulle pogings geslaag het, weer onttrek het.

**ONTHOU:**

1. Jy bestuur jou eie WhatsApp-deel en verwyder advertensies en foto's waarin jy nie belangstel nie, asook jou eie vouer met meegaande foto's.

2. Indien jy per abuis die Groep verlaat (die "Clear Chat" is reg onder die "Exit Group"-keuse) of tydelik verlaat het toe jy met vakansie gegaan het, laat weet ons om jou weer op die Groep te plaas wanneer jy dit so verkies.

3. WhatsApp-kommunikasie na die 2 administrateurs werk uitstekend en jou advertensies word so spoedig moontlik geplaas of vragies word in ons eie tyd beantwoord.

4. Op Sondae en Christelike Vakansiedae word daar nie besigheid gedoen nie.

5. Netjiese "uncluttered" foto's, goed bewoorde en duidelike advertensies, realistiese pryse en jou korrekte selnommer help dat jou items vinnig verkoop word.

6. Wanneer jou item/s verkoop is, of iets wat jy aangevra het gevind is, WhatsApp ons onmiddellik – jou advertensie word van die Groep verwyder en verdere onnodige/lastige oproepe word so voorkom.

7. Kyk heel bo-aan die Groep se WhatsApp en lees deur die Beleid en ander inligting.

8. Transaksies tussen Verkoper en Koper word deur hulleself behartig. Maak asseblief seker dat EFT-bedrae op u bankstaat verskyn of kontant betaal is voordat die verkoopte item/s oorhandig word.

**Groot dank aan elke lid wat ons Groep so seepglad laat verloop!**
**Ons is baie bly dat die Groep sy sout werd is!**



Ons bedank **Elsa van Wyk** (wat meerendeels namens die Hulpfonds se Hoekwinkel {items gemerk "HW"} optree) en ons ook dikwels bystaan om sekere pryse na te vors.

**HOU AAN KOOP EN GENIET!**

***SOLI DEO GLORIA!***

**Rita Noeth** en **Ricky Durand**.
Administrateurs.








Kennisgewing by **Anneke du Plessis en Johan** se voordeur. As die man (Johan) en die ander 2 items op Koop-en-Verkoop geplaas was, was daar definitief lankal positiewe resultate!




Unlike teenagers who meet at the Disco
We can meet at Dischem

# STUKKIES HOOP BY KOOP-EN-VERKOOP!

Dit neem baie spesiale persone, met baie geduld en insig, om te doen wat julle doen met die bestuur van die Koop-en-Verkoop-Groep!

Julle help mense wat dalk fondse dringend moet bekom…

Om 'n opname te maak van besittings en kleinode wat ons oor die jare met sorg en opgewondenheid bymekaar gemaak het en om nou te moet afsien daarvan (want dit is items waarin ons kinders nie belangstel nie) is 'n baie teer sakie!


Ons moet besluit wat nog van nut vir ons gaan wees in die toekoms, of waarvan ons gaan afsien deur middel van verkope of skenkings aan voornemende eienaars of behoeftiges.

Ek dank ons Hemelse Vader vir julle. Daarom het ek besluit om die gedig, "**Stukkie Hoop**", aan julle op te dra. Dankie vir die Hoop wat julle ons gee – soms dra ons ons geheime stilletjies in ons binneste en daar is oomblikke wat ons wil opgee, maar dan is daar HOOP!

Die woord "**Dankie**" klink so algemeen in gebruik, maar is een van die kragtigste woorde as dit uit die diepte van 'n hart en siel kom!

**Leef Hoopvol!**

Liefde
**Bets Martin**.



## STUKKIE HOOP…

**Dankie** is 'n klein, kosbare
woordjie.

Hoe sê 'n mens dankie?
Dankie vir Genade so groot?
Dankie vir Seëninge
onverdiend
Dankie vir Liefde
so groot en mooi.
Dankie vir U Genade
om wakker te
word en te besef
ons is gespaar.
Dankie vir nog 'n dag
om te ontvang
uit U Hand, U Liefde,
U Seëninge,
U Genade.
Dankie Heer, vir u Seëninge.
Seëninge van liefde
deur mense onbekend.
Liefde deur U kinders.
Dankie Heer, dat U ons dra.
Dra in tye wat ons wil opgee,
in tye wat als te veel raak
vir ons.
Dankie Here, dat daar
waar ons struikel,
U ons optel en dra
Want ons was te swak
om te staan.
Dankie Here vir ons Lewe,
Gesondheid,
Krag en Geliefdes.

Amen.
(Digter onbekend.)



## EK GROET KOKANJE!

Na bykans 30 jaar vandat ek en my oorlede man in 1994 in Kokanje kom woon het, het ek nou na Pretoria verhuis om die laaste fase van my lewe naby my kinders en familie te wees.

Dit was my voorreg om tot 'n groot mate deel en betrokke te kon wees by verskillende instansies en die groei en ontwikkeling van Kokanje. 'n Mens kan nie so lank op 'n plek bly sonder om iets van jouself agter te laat nie en hiermee dan ook my dank aan elke persoon wat my lewenspad gekruis en verryk het en met wie ek vriende geword het.

Spesiale vermelding en besondere dank aan die groep mense van blok 7 en 8 vir jul vriendskap, hulp en meelewing deur al die jare van my verblyf. Verskoon dat ek julle nie almal persoonlik kom groet het nie. My allerbeste wense vir voorspoed, geluk en nog baie jare van goeie gesondheid aan julle elkeen.

**Mag Kokanje net groei en vooruitgaan in sy uniekheid!**

Groete,
**Joan Roets**



Joan het (met die hulp van **Kobus Vergottini**) van ons Koop-en-Verkoop-Groep gebruik gemaak om besittings wat sy nie wou saamneem nie, van die hand te sit.

**Jou Kokanje-Vriende gaan jou baie mis! Geniet jou verblyf daar naby jou kinders, Joan! Red.**

# KUNS- EN KREATIWITEITKLUB

2024 is besig om vinnig na 'n einde toe te loop...

Ons kyk terug op 'n uiters interessante jaar met heelwat kreatiewe aanbiedinge, demonstrasies en klasse, soos die volgende:

Mosaïek;
Plak van geskenksakkies;
Potloodsketse;
Waterverfpotlode;
Ecaustic art; en
Collage.


Ons geniet ook rustige klasse waar elkeen met sy eie kuns besig is en dit is altyd aangenaam om net daar te wees vir mekaar as ondersteuning, advies en motivering.

Ons het op 3 Oktober 2024 by Liza's 'n heerlike oggend (met koek en tee) geniet.

Ons sien uit om in 2025 sommer heelwat nuwe lede te verwelkom sodat nog meer nuwe en kreatiewe idees vorendag kan kom en opwindende projekte aangepak kan word.

Kuns- en kreatiwiteitgroete word u toegewens oor die komende Kersgety!

**Wenda Olivier** en **Vernét Driemeyer**.







## NAALDWERKKLUB SE BEDRYWIGHEDE

Die Naaldwerkklubdames kan al byna toe oë pannekoek bak... Vir Jeugdag, die Danskompetisies, Gholf- en Jukskeidae is daar elke keer sommer 'n hele paar dromme deeg gemeng en gebak en klubfondse het mooi gegroei.

Tussendeur word daar gebrei, gehekel, naaldwerk gedoen en Winter- en Kersmarkitems vervaardig!



Al die skattige skapies (sien foto hiermee) is deur Erika Baak, Corrie van der Linde en Anneke du Plessis gehekel om 'n liefdadigheidsprojek in die Strand te ondersteun. Die skapies word aan siek kindertjies uitgedeel om hulle lewens op te vrolik.

Al die Naaldwerkklublede wat tydens die Winter- en Kersmark hulle handewerk in die Sportsaal uitgestal en verkoop het, wil hiermee almal bedank wat hulle kom ondersteun het.


Dit is so lekker om die hele Kokanje en omgewing se mense op daardie dae te sien en met hulle te gesels.

Die dames neem nou, gedurende die Feesseisoen, 'n ruskansie om lekker met hulle familie en vriende te kuier.

Ons klompie kom weer in Januarie bymekaar (die eerste Maandag nadat die skole begin het, om 14:00 in die Sportsaal) en sien uit daarna om sommer 'n hele paar nuwe gesigte te verwelkom...

**Ons wens almal 'n baie vreugdevolle en geseënde Kersfees toe en dat 2025 vir almal 'n keur van seëninge sal inhou!**

**Jenny van der Merwe**



Bladsy geborg deur **Lonka Bergsma.** Baie dankie, Redaksie.

# BREEK 'N LANSIE...

Die bekwame Bettie Botha, haar man, Ferdie, en hulle span verdien 'n kompliment vir die stampvol saal tydens die Kokanje-Huiskonsert. Dit praat 'n duidelike taal van samehorigheid. En die talente van Fritz Wolff, Errol de Wet en sy vrou, Karen Pienaar, die Line Dancers, ens. is deur die hele deftiggeklede gehoor geniet en bewonder.

Lonka Bergsma en Gerrie Farrell het gesorg vir my en die ander lede van die rolstoelbrigade se spesiale ruim area agter in die saal. Ons is erelede wat na hierdie optrede, asook die Pretoria Mannekoor se Sondagmiddaguitvoering uitgenooi is en onsself so geniet het...


**Baie dankie!**

**'n Groot Dankie:**
Die groep Kokanje-Inwoners wat gereeld die ***KOLLIG*** die lig laat sien... julle insette word raakgesien en gewaardeer. Julle bring die belangrike nuuswenke en brokkies na ons. Dit lyk op die oog af so 'n maklike taak, maar glo my, hulle sweet seker bloed!

**Julle olie Kokanje se wiele – julle word opreg waardeer!**

**Maureen Neethling**

## WAT HOOR EK? Is dit sleg om gehoorstukkies te dra?



Die man het vir die eerste keer gehoorstukkies gekry.
Sy vriend vra hom wat sy ondervinding daarmee is.
**Die antwoord:** **Ek hoor baie goed en het my testament hierdie week al 3 keer verander!**

# ALMAL WEN ALTYD BY DIE TAPHUIS!

*"Weet jy al, of wanneer gaan julle hoor, wie die Taphuis-trekking gewen het?"* word gevra.

*"Man, ek het dit mos gewen!"* is die brawe en grapperige antwoord van **Rina Lüneburg**.

Net toe begin haar selfoon lui, en amper besluit sy om dit nie te antwoord nie omdat dit van 'n onbekende nommer af kom.

Die dame aan die ander kant vra haar dadelik wie sy is en wat haar huisnommer is.

Nadat Rina geantwoord het, word sy geluk gewens met die prys wat sy gewen het by die Taphuis.

Die oorstelpte Rina het sommer gebokspring en dadelik begin hardloop vanaf die eetsaal tot by die Taphuis. Daar aangekom, is die 2 bottels




wyn aan haar oorhandig deur Tapdame Marilyn Scholtz.
Ander wenners was
**Joos Magro**
en
**Kobus de Beer**.

**PROMOTION**:
Everyone buying a drink during November 2024 qualifies to win by way of a lucky draw a special bottle of red wine. The winner will be informed.

**REMEMBER**:
All profits from sales at the Taphuis are donated to the KE and the Kokanje-Hulpfonds.

**This is the place where good friends meet before lunch, or where you will get to know other Kokanje Residents!**

**Mondays to Fridays from 11:00 to 12:15.**



**Hoffie Hoffmann**

# BABSIE HOU KOKANJE EN SUID-AFRIKA SE NAAM HOOG!

By die "World Masters Championship 2024" in Gottenburgh, Swede was daar 108 lande verteenwoordig en 8035 atlete het deelgeneem.

Die 80-jarige Babsie Grobler Crafford het gehoop om in elke afdeling darem onder die eerste 20 wenners te eindig, **maar kyk net watter plekke het sy toe behaal!**

**Gewigstoot - 13**
**Werpskyf - 11**
**Hamergooi - 9**
**Vyfkamp**
**(Penthathlon throws) - 9**
**Spiesgooi - 8 en**
**Massagooi**
**(weight throw) - 5.**

**Dit was ongelooflik!**
**Sy was 4de onder die eerste 10 en**
**2de onder die eerste 20 in die wêreld.**




Tiaan is so trots op sy vrou! Hyself het ingeskryf vir die Verspringafdeling, maar weens 'n besering moes hy ongelukkig onttrek.

**Wat beteken hierdie prestasies vir Babsie?**

Dit doen haar fisies en psigies baie goed.

**Fisies** – dat sy haar lewensstyl van deelname aan sport (in besonder atletiek) nog kan volhou.

**Psigies** – dat daar elke dag vir haar nuwe uitdagings en hoogtepunte voorlê.

Babsie se volgende groot droom is om in 2026 in Daegu, Korea, deel te neem en sy motiveer haarself om meer te oefen sodat sy selfs nog beter resultate kan behaal.

Die kameraderie en nuwe vriendskappe wat gesluit word by Suid-Afrikaanse kampioenskappe en in besonder by die wêreldkampioenskappe maak die wêreld van ouer kompeterende en uitstekend presterende persone net soveel groter.

**Baie geluk, Babsie! Kokanje is baie trots op jou! Red.**

## *DANKBAARHEID*

*My liggaam voel soms seer,*
*maar hy werk nog.*
*Ek slaap party aande nie goed nie,*
*maar ek staan elke dag op*
*om nog 'n dag aan te pak.*
*My beursie is nie altyd vol nie,*
*maar my maag is.*
*Ek het nie al die goed wat ek wil hê nie,*
*maar ek het als wat ek nodig het.*
*Ek is dankbaar...*
*want al is my lewe nie perfek nie*
*is ek dankbaar vir 'n kans om te lewe,*
*selfs met al sy teleurstellings en hoogtepunte.*
*Dit is ongelooflik,*
*dat daar altyd iets is*
*om voor dankbaar te wees,*
*elke liewe dag!*

**Onbekend.**

## KAN JY GLO? PARKRUN 6 JAAR OUD!

Saterdag, 27 Oktober (232 byeenkomste).

Altesaam 101 persone en 19 vrywillige helpers was teenwoordig en het die geleentheid gevier met 'n pakkie "Fruity Astroid" elk. Die deelnemers/stigters – sien foto hieronder (Kokanje-Inwoners aangedui met 'n "K").

Voor: Michiel en Susan Human (K), Anita Greyling, Harriët van Heerden (K), Claudina Meintjes (K) en Annette van Dyk (K).
Middel: Sandra Pretorius (K), Johan Pansegrouw, Ans de Klerk en Ben Schultz (K). Heel agter: Charl Stander (K).



# BERGKONINKRYK SE NUWE KARAVAANPARK

Ek en Joop het elke jaar Juniemaand 'n week lank by die Eiland gaan kampeer. Ons is lief vir die Bosveld en die week by die gewilde ATKV-oord het 'n instelling geword. Min het ons geweet ons sou in 2024 ons eie kampterrein beplan en bou. **Wat 'n groot voorreg!**

Ons Bergkoninkryk-pad begin Januarie 2023 toe ons sak en pak Nylstroom toe trek en die gasvryheidsbedryf betree. Die eerste jaar van ons reis bestee ons daaraan om die terrein en chalets op te knap. In 2024 besluit ons saam dat dit tyd is om die besigheid uit te brei. Dit was nog altyd ons droom om 'n karavaanpark hier te vestig. Ons kry baie navrae van kliënte en ons glo dit sal waarde toevoeg tot ons besigheid.

Op 8 Mei begin Joop en Sakkie om die kampterrein uit te lê. Die eerste uitdaging is die grondverskuiwing wat moet plaasvind. Die terrein is ongelyk en moet eers gelyk gemaak word voor die bouers met hulle werk kan begin. Die stene en boumateriaal word afgelaai en uiteindelik op 23 Mei word die eerste steen gelê.

3 maande later is ons karavaanpark reg vir sy eerste kampeerders. Met groot dankbaarheid ontvang ons Matie en Daleen die langnaweek in Augustus. Ons gemoed is vol toe hulle die dag met hulle karavaan by Sekelbos opdaag.

Ons karavaanpark bestaan tans uit 4 private ablusies, elk met sy eie opwasplek. Elkeen van ons het 'n naam gekies vir die staanplekke – Sekelbos (Sulita), Vaalboom (Joop), Wildesering (Sakkie) en Raasblaar (Jane). Ons het gras gevestig op die staanplekke en begin Oktober amptelik geopen.

Ons nooi alle Kokanje-kampeerders om te kom kyk na ons terrein en ons te kom ondersteun.

Dankie aan elkeen wat ons die afgelope paar maande ondersteun het. Elke oproep, kuier, advies, bemoediging en Facebook-boodskap word waardeer.

Groete

**Jopie en Sulita de Kock**





Ons hoop die reën kom spoedig om die gras mooi aan te help op die staanplekke!

Baie dankie Jopie en Sulita dat die Kokanje-Voetslaanklub so gereeld by julle pragtige oord kan stap, kuier en vleisbraai.

Die ***KOLLIG***-Redaksie bedank julle ook vir julle advertensies in ons tydskrif. **Red.**

# KO' LAT ONS SING!

Die jaar 2024 was vol groot uitdagings en vele frustrasies, maar ook prestasies. Terwyl ons koorlede nog kou aan die laaste stukkie vrugtekoek van Kersfees 2023, ontvang ons die oefenprogram vir die nuwe jaar. Mimi rook ons met 'n program vir elke week vanaf Februarie tot by 3, 4 en 5 Oktober wanneer die Revue sal plaasvind in die Kokanje-saal. **Ons skud net ons koppe in ongeloof!**

*Besef sy hoe oud ons is? Weet sy waarvoor sy haar inlaat? Weet sy ons vakansies vir die tyddeel by oorde, wildtuin en oorsese kuiers by kinders is reeds lankal bespreek?*

Weet **ONS** wat is 'n **REVUE**? Dis nie net koorsang nie! Dis "hop, skip en jump" soos fikse skoolkinders! Weet sy van al ons skete en operasies, ons kort asems, en dan moet ons nog woorde leer ook, want boeke is verbode? **Nee wat, dis onmoontlik!**

***"Julle, dis goed vir oumense (soos julle). Dit is goeie oefening vir jul balans en koördinasie en jul geheue; hou jul besig; laat jul nuttig voel; blablabla..." Ons murmureer en Mimi verhef haar musikale sopraanstem met meer as net voorsang, sommer sweepslag ook!***

Ons leer, maar vergeet net so gou die woorde, watter voete eerste, watter arms in die lug, en wanneer watter dansie! So stap die tyd aan. Dag na uitputtende dag. Tot Oktober.

Ons sing ons harte uit. Ons lag en ons dans loslit en met oorgawe. Wat 'n wonderlike geleentheid. Ons blom. Ons brieke is los vir die vertonings, ons vier die oorwinning oor al ons skete en vergete! **Die gehoor geniet dit!**

'n Week later kry ek 'n langverwagte wegkomkans berge toe. Wat 'n ervaring: Die kompleks in die Champagne-vallei verwelkom ons met kleurvolle bloeisels, azaleas van elke kleur, spierwit irisse en boonop 'n Saterdagkonsert van die Drakensbergse Seunskoor!

Soveel energie word losgelaat op daardie verhoog! Een baie uitstaande item getuig van hul passie vir olifantbewaring. Die koorlede verander in stormende olifante met flappende ore en slurpe al dreigend in die lug. Hul trompetter en stamp met hul voete (pote!) soos gewigtige diere en ek dink in die stilligheid... ***hoe sou ons bejaarde koorlede voel na so 'n sessie?***

My gedagtes gaan vêr terug na al die kore en sanggroepe waarby ek betrokke kon wees.

Die leerders van Koffiefontein Primêre skool, waar ek 40 jaar gelede, bevoorreg was om skool te hou, sal ek nie maklik vergeet nie. Ek was onder andere verantwoordelik vir klassang vir standerd 4 tot 7, vir hoofsaaklik kinders van mynwerkers in De Beers se diamantmyn, asook kinders van plaaswerkers op die Jacobsdalpad. Hierdie Afrikaanssprekende bruin en swart leerders was van enige ouderdom.

Klassang was vir my die hoogtepunt van elke skooldag. Hulle sing sommer in koorstemme sodra hul die wysie hoor en "djuffrou" kan maar sommer net die noot gee. Hulle val net in.

Die tyd om afskeid te neem van hierdie skool kom nader. Vir oulaas beplan ons 'n Kerskonsert. Die kinders en hul ouers is baie opgewonde. Ons oefen die kriptoneel en die stoutstes het almal rolle op die verhoog. Ons oefen in die asbessaaltjie met die plat sinkdak in die bloedige hitte van die Vrystaatse somerson. Die opgewondenheid oor die konsert is aanvoelbaar. Daar ontstaan 'n warm onderonsie tussen 2 ouer leerders en hul spring aanmekaar! "Djuffrou" sien nie kans vir hierdie geveg binne 'n Kersatmosfeer nie. **Hul mag nie verder in die konsert sing nie, uit en gedaan!**

Die aand van die konsert stroom die gemeenskap na die saaltjie. Ek word na buite ontbied, en hier staan die 2 vegters. *"Asseblief, djuffrou, ons is so jammer. Mag ons nie ook asseblief kom saamsing nie? Ons sal nie weer baklei nie! Ons belowe!"*

Hul het die strydbyle begrawe en mekaar vergewe. Ek laat hul weer deel word van die wonder van die Kersgebeure. Hulle het immers reeds sulke mooi diep basstemme waarsonder my sanggroep nie dieselfde sou wees nie.

Kersgroete,

**Martha van Zyl.**



# STATUS FUNERALS

*International*

Ons wens al ons kliënte, vennote, vriende en families 'n Geseënde Feesseisoen toe.

Ons gedagtes is by diegene wat geliefdes verloor het en ook vir die dierbare afgestorwenes wat in hierdie tyd gemis sal word.

*Jou betroubare*
BEGRAFNIS **VENNOOT**

Joe Slovo Straat 46 - Modimolle 0510
066 384 4033 • 072 256 4519
014 717 1808

NFDA FIAT IFTA GBA

**www.colfunerals.co.za**







**LENTEPRAG**
**BY 71D**
**PIET EN HETTIE**
**DREYER**









**POSTNET**
**Modimolle**

014 717 3440
014 717 3441
modimolle@postnet.co.za







**ENLARGE**
**YOUR FAVOURITE PHOTOS**
CAPTURE YOUR MEMORIES
ON CANVAS PRINTS
A5 to A0 Colour Canvas Printing & Framing
NOW DONE in store.